

DIE WERKWOORDELIKE VORMLEER VAN

LOUIS TRICHARDT SE TAAL.

J. SMUTS.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad M.A. in Neder-
lands en Afrikaans aan die Universiteit van
Kaapstad.

1940.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

INHOUDSOPGAWE.

INLEIDING.

HOOFSTUK.

- | | |
|---|-------|
| I. PERSOON EN GETAL. | p.1. |
| II. TYD EN WYSE. | p.17. |
| III. DIE DEELWOORDE EN DIE INFINITIEF. | p.39. |
| IV. SPREEK- OF SKRYFTAAL? | p.51. |
| V. DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVOEGING. | p.56. |

BIBLIOGRAFIE.

INLEIDING.

As verklaring van die ontstaan van Afrikaans is reeds 'n hele aantal teoriëe aangevoer, wat egter hoofsaaklik berus op taalkundige oorwegings na aanleiding van die huidige vorm van Afrikaans, en op geskiedkunde feite. Die afwesigheid van geskrewe bronne wat die spreektaal gedurende die ontwikkelingstydperk weergee, lê egter in die weg van 'n geheel oortuigende verklaring.

Louis Trichardt se Dagboek is, sover ek weet, nog nie uit 'n taalkundige oogpunt ondersoek nie, blykbaar omdat dit beskou word as van te jonge oorsprong om enige lig op die ontwikkeling van Afrikaans te werp en as 'n voorbeeld van skryftaal en nie van spreektaal nie.

Trichardt was 'n tipiese grensboer en sal die suiwer plattelandse spreektaal gepraat het, 'n voorbeeld waarvan vandag interessant en waardevol sou wees.

Die doel van hierdie studie is om sy taalgebruik vas te stel na aanleiding van sy Dagboek. Ek sal my egter tot die werkwoordelike vormleer beperk. Ek sal probeer om vas te stel in hoever hy sy spreektaal weergegee het, en of sy taalgebruik enige lig werp op die ontwikkeling van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel.

Die kopie van die Dagboek wat in hierdie studie gebruik is, is die tweede uitgawe van die Dagboek deur Dr. Gustav Preller, en die bewysplase by aanhalings het alleen betrekking op hierdie uitgawe.

HOOFSTUK 1.

PERSOON EN GETAL.

In Nederlands word by die werkwoord onderskei tussen enkelvoud en meervoud, en in die teenwoordige tyd tussen eerste-, tweede-, en derdepersoon.

In Afrikaans het sowel persoons- as getalsverskil by die ^{Werkw.}verlore gegaan en een vorm word by alle persone gebruik.

In Trichardt se taal kom al die verskillende persoonsvorme nog voor. Dit is van belang om te ondersoek in hoever hy die vorme korrek gebruik en of hy nog gevoel het vir die vorme.

Uit die aard van Trichardt se taalgebruik is dit me todies die maklikste om eers die meervoudsvorme te behandel.

Meervoudsvorme:

'n Opvallende kenmerk van sy taal is dat daar so selde 'n meervoudsvorm voorkom, en dat die werkwoord gewoonlik in die enkelvoud staan waar dit by 'n meervoudige onderwerp voorkom.

Uit 'n ondersoek het geblyk dat in die gedeelte van bladsye 81 tot 100, daar slegs twee korrekte werkwoordelike meervoudsvorme voorkom, maar 131 enkelvoudige werkwoorde by meervoudige onderwerpe. Hierdie gedeelte is geen uitsondering op die res van die Dagverhaal nie. Van bladsye 251 tot 270 kom daar een korrekte meervoudsvorm voor, teenoor 222 enkelvoudsvorme by meervoudige onderwerpe.

In die hele Dagverhaal kom daar slegs 30 werkwoordelike meervoudsvorme voor, wat omtrent 1 persent uitmaak van al die werkwoordelike vorme wat by meervoudige onderwerpe voorkom. Maar sewe van hierdie meervoudsvorme kom voor by enkelvoudige onderwerpe.

Van die drie-en-twintig korrekte meervoudsvorme, kom slegs nege voor by selfstandige werkwoorde. „Hiermede blyven wij" (p. 32), wat as afsluiting van 'n brief voorkom, is heel duidelik 'n formule en sê dus niks vir sy taalgevoel nie.

„Want dat wij de rivier hier verlaten" (p. 290) Dan kom daar 'n aantal meervoudsvorme voor in die verlede tyd: „Zoals zij die nasie noemden" (p. 319); „gunden wij ons de tijd niet" (p. 232); „Toen maakten wij die gedagten" (p. 144); „loezeerden zij de nagt aldaar" (p. 159).

Daar kom 'n paar meervoudsvorme voor van die werkwoorde wat -n agter die stam voeg om die meervoud te vorm: „Zij gaan die vyand in gemoed" (p. 21), „en wijst mijn hoedanig de hoorns van die ossen staan" (p. 35), „Nu verstaan wij van de nasie" (p. 81).

By die hulpwerkwoorde kom die meervoudsvorm meer dikwels voor. Hebben kom vyfmaal voor, en hadden een maal. „Hebben zij dat weer alles verhelp" (p. 126). „Hebben wij de spoor opgezogt" (p. 91), „Toen hebben zij een eysere kierie gesmeed" (p. 88), „hebben zij die weer geweld aan een band" (p. 126), „hebben zij dat alweerder in de vuur gezet" (p. 90); „Die kaffer, die zij bij haar hadden" (p. 51).

Zijn kom een maal voor en waren twee maal: „Zijn volk zijn dezelfde dag alle vertrokken" (p. 14); „Zij waren afgemat van werken". (p. 123), „Wij waren buite hoop" (p. 191).

Zullen en kunnen kom elk twee maal voor en willen eenmaal: „Zei wij dat wij nu zien meet wat weg wij nu zullen inslaan" (p. 253), „Zei ik dat wij alsdan die weg zullen inslaan" (p. 170), „Zij door regterlike wetten kunnen gestraf worden (p. 193), „Was wij verstomd dat de vee zoolang hier kunnen gewees hebben" (p. 290), „dieven willen zij niet wezen" (p. 51).

Hierdie gegewens toon dat die werkwoordelike meervoudsvorm in Trichardt se skryftaal reeds so goed as verdwyn het.

Dit is ^{eienaardig} ~~verbasend om te vind~~ dat werkwoordelike meervoudsvorme by enkelvoudige onderwerpe voorkom: „Hij zei dat terwyl hij met hun spreken, hij haar zeggen moed" (p.139), „opdat hij het bijgevolg aan alle andere kunnen tonen" (p.297),

„en dat de een de ander wel voor de oorsaaken strafbaar verklaaren " (p. 43), „Ik zei dat ik daar niet na toe trekken" (p. 88), „Zei Jan dat Pieta misschien niet goed opgelet hebben" (p. 209), „dat hij zoo ver mis had en niet willen weten" (p. 210), „Zei ik dat ik niks teen zijn majesteits orders hebben of doen wil". (p. 305). Dis opmerklik dat in al hierdie gevalle die werkwoord van die onderwerp verder is, wat kon bygedra het tot die verswakking van sy gevoel vir die ooreenstemming in getal tussen onderwerp en gesegde.

Dit is moontlik dat hierdie vorme, en trouens ook die korrekte meervoudsvorme, onder invloed van die infinitiefvorm ontstaan het of as infinitiewe bedoel is. In elk geval sterk dit die oortuiging dat Trichardt geen gevoel vir getalverskil by die werkwoord gehad het nie, en dat hy geheel onseker was oor die gebruik van die meervoudsvorm.

Reeds in die Hollandse volkstaal van die sewentiende eeu word 'n meervoudige onderwerp meermale gevolg deur 'n enkelvoudige werkwoord, en andersom. Dit bewys dat die gevoel vir ooreenstemming van getal tussen onderwerp en gesegde in die volkstaal reeds ^{aan die} verswak was. Hierdie verswakking van gevoel het waarskynlik gelei tot onsekerheid oor die gebruik van enkelvoud- en meervoudsvorme, en uiteindelik tot gelykmaking.

Ons kan met 'n groot mate van sekerheid aanneem dat die meervoudsvorm in Trichardt se spreektaal reeds verdwyn het, en dit lyk waarskynlik dat as gevolg van onsekerheid, die persoonsvorme van die enkelvoud die meervoudsvorme verdring het. Die verdwyning van getalverskil by die werkwoord in Afrikaans is dus blykbaar die resultaat van 'n ontwikkelingsproses wat sy oorsprong in Hollands gehad het.

Daar kom ^{net} egter 'n paar meervoudsvorme op -e voor, soos in die Hollandse dialekte: „Hebbe zij dat weer in de vuur gezit" (p. 90), „De avond hebbe zij de hand van Albach weer gekort" (p. 90), „die zij by hen hadde" (P. 165).

Hierdie voorbeelde laat die moontlikheid ontstaan

dat die meervoudsvorme deur 'n fonetiese proses hul uitgange verloor het. Die aantal voorbeelde is egter ^{te} klein om enige gevolgtrekking te regverdig.

Enkelvoudsvorme in die teenwoordige tyd:

In die enkelvoud onderskei Nederlands tussen eerste-, tweede- en derdepersoon by die werkwoord. Dit is van belang om Trichardt se taalgebruik na te gaan om te sien of hy nog gevoel vir persoon het, en om vas te stel watter vorm hy oorewegend by elke persoon gebruik. Hierdie ondersoek moet natuurlik die persone in die meervoud ook insluit waarby Trichardt enkelvoudsvorme gebruik as gevolg van die byna totale verlies van die meervoudsvorme by hom.

By hierdie ondersoek moet die hulpwerkwoorde kunnen, laten, moeten, mogen, willen en zullen, wat geen vormverskil in die enkelvoud vertoon nie, buite rekening gelaat word. Dit geld ook vir die werkwoorde waarvan die stam op 'n dentale okklusief eindig. Wat die werkwoorde wat uitgaan op d betref, het daar destyds onsekerheid geheers oor die agtervoeging van die t, sodat ons hulle ook moet skaar onder die werkwoorde wat geen vormverskil in die enkelvoud vertoon nie. Die werkwoorde hebben en zyn word ook voorlopig oorgeslaan, omrede hul afwykende vervoeging, en word later afsonderlik behandel.

'n Noukeurige ondersoek het die volgende statistieke opgelewer ten opsigte van die res van die werkwoorde: By die eerste persoon enkelvoud kom daar 268 enkelvoudsvorme voor, waarvan 41 die dentale uitgang het en 227 nie, d.w.s. 85% korrekte en 15% inkorrekte vorme b.v.: „Zoals ik daar komt” (p. 94), „Ik gaat nou de ouwe kerel dootslaan” (p. 104), „als ik verkiest te komen” (p. 138); „Ik vraag hem waar hij slapen wil” (p. 157), „als ik het hoor en giet” (p.244).

Van die 16 vorme wat by die tweede persoon enkelvoud voorkom, het 7 die dentale uitgang en 9 nie, b.v.

b.v.: „Gij moet weten wat u doet" (p. 186), „Gij behoef mij niet te helpen oppassen" (p. 203), „Zoo het moge weesen dat u het gunstiglijk oordeel" (p. 81).

By die derdepersoon enkelvoud is daar 821 werkwoorde opgeteken, waarvan 330 met die uitgang voorkom en 491 daarsonder, dit wil sê 40% korrekte en 60% inkorrekte vorme, b.v.: „De swarte konij komt bij de getal"(p. 96), „dat hij na huis gaat"(p. 143) , „Waar oom Jan zijn vee heen steurd" (p. 126); „wijs hij mijn" (p. 45) , „Blij de getal" (p. 33), „die hij geef" (p. 34), „als de weer opKaar" (p. 29).

Ons vind 99 werkwoorde in die eerstepersoon meervoud opgeteken; 22 vorme kom voor met die -t en 77 daarsonder, b.v.: „Toen wij by de wagens komt"(p. 267), „Toen wij weg gaat"(p. 138), „als wij het verkiest" (p. 139); „Als wij die dag blijf"(p. 165), „jaag wij de beeste de rivier door" (p. 294).

By die derdepersoon meervoud vind ons 243 enkelvoudsvorme opgeteken. Hiervan kom 125 met die dentale uitgang en 118 daarsonder voor, d.w.s. 52% en 48% respektieflik, b.v.: „dat zij zulks van hem ziet en dink dat het reg is" (p. 193); „Komd beeste bij" (p. 36); „blijf onse paarde uit" (p. 41), „kijk de kinders uit" (p. 41).

(n Tabel dien om 'n duideliker beeld van sy gebruik van persoonsvorme te gee:

| Enkelvoud: | met <u>-t, of -d.</u> | sonder <u>-t, of -d.</u> |
|---------------|-----------------------|--------------------------|
| 1ste persoon: | 41 | 227. |
| 2de persoon: | 7 | 9. |
| 3de persoon: | 330 | 491. |
| Totaal: | 378 | 727 = |
| | | 34% teenoor 66% |
| Meervoud: | | |
| 1ste persoon: | 22 | 77. |
| 3de persoon: | 125 | 118. |
| Totaal: | 147 | 195 = |
| | | 42.5% teenoor 57.5% |

Hieruit blyk dat die eerste- en derdepersoonsvorme ~~en~~ enkelvoud vir alle persone gebruik word, en dat die ^{uitganglose of} eerste-persoonsvorm oorwegend gebruik word. Daar het blykbaar groot onsekerheid geheers oor die gebruik van hierdie vorme, maar sy gebruik van die eerste- en derdepersoonsvorm is nie so willekeurig as wat die tabel laat dink nie. Die werkwoorde staan met enkele uitsonderinge altyd in dieselfde vorm afgesien van die persoon waarin dit voorkom.

Die vorm waarin hul gewoonlik staan hang af van die klank waarop die stam uitgaan, en daarvolgens kan ons die werkwoorde in drie klasse indeel.

Die eerste klas bestaan uit die werkwoorde waarvan die stam uitgaan op f, g, k, p of s. Slegs tien werkwoorde ^{uit 80} van hierdie klas kom afwisselend sonder en met die uitgang voor. Die verhouding van stamvorme en vorme met die uitgang is as volg: vraag (231), vraagt (7); blijf (94), blijft (5), blij (8); krijg (85), krijgt (1); maak (42), maakt (2); zeg (64), zegt (21); wijs (11), wijst (2); merk (3), merkt (3); verkies (4), verkiest (9).

Selfs by hierdie werkwoorde oorweeg die stamvorme ver, behalwe by merken en verkiezen. Die ander werkwoorde van hierdie klas kom uitsluitlik in die stamvorm voor. Van al die werkwoorde van hierdie klas wat in die teenwoordige tyd voorkom, staan 96% in die stamvorm, en slegs 4% het die uitgang. Hierdie fonetiese wet het dus merkwaardig konstant gewerk.

Die werkwoorde van die tweede klas gaan uit op l, m, n, r, en kry gewoonlik die dentale uitgang. Ses werkwoorde ^{uit 50} van hierdie klas kom afwisselend sonder of met die uitgang voor, in die volgende verhouding: komt (149), kom (4); neemt (10), neem (2); steurd (16), steur (4); herindert (2), herinder (1); noemt (2), noem (2); hoord (1), hoor (8).

Vier werkwoorde van hierdie klas kom uitsluitlik in die stamvorm voor, maar hulle kom maar 'n paar maal voor: blameer (2),

gebeur (2), luister (1), schaam (1). Die ander werkwoorde van hierdie klas kom uitsluitlik met die uitgang voor. Van al die werkwoorde van hierdie klas wat in die teenwoordige tyd opgeteken is, kom 78% met die dentale uitgang voor, wat bewys dat hierdie fonetiese wet ook sterk gewerk het.

Die derde klas word gevorm deur die werkwoorde doen, gaan, slaan, staan en zien. Hierdie werkwoorde kom altyd voor in die derdepersoon enkelvoudsvorm, met een enkele uitsondering: „Dat ik zie dat verkeerd is" (p. 311).

Hierdie neigings in sy taalgebruik kan gebruik word om die statistieke van die vorme wat hy by elke persoon gebruik, te ontleed.

In die Dagverhaal vind ons 268 ^{vorme van} werkwoorde van hierdie drie klasse in die eerste persoon ^{enkelv.} opgeteken, nml. 218 van klas I, 26 van klas II en 24 van klas III. Van die 218 van klas I kom 210 voor sonder, en 8 met die dentale uitgang. Van die 26 van klas II kom 16 voor sonder, en 10 met die dentale uitgang. Van die 24 van klas III kom 1 voor sonder, en 23 met die dentale uitgang. Vir die eerste persoon geld dus die reëls:

(1) Na f, g, k, p, s ^{kom} ~~gaan~~ die dentale uitgang gewoonlik ~~ver-~~
~~rens~~, nie voor nie.

(2) Na l, m, n, r wissel vorme met en sonder die dentale uitgang af.

(3) By doen, gaan, slaan, staan en zien kom die vorme voor met die dentale uitgang.

Daar kom 16 werkwoorde voor by die tweedepersoon enkelvoud; n.l. 9 van klas I, 5 van klas II en 2 van klas III. Van die 9 van klas I kom 5 sonder, 4 met die dentale uitgang voor. Van die 5 van klas II kom 3 sonder, en 2 met die uitgang voor. Die 2 vorme van klas III het albei die dentale uitgang. Die aantal vorme by die tweedepersoon is te min om 'n konklusie te trek, maar die vorme wissel blykbaar af.

By derdepersoon enkelvoud is daar 821 werkwoorde opgeteken, n.l. 456 van klas I, 183 van klas II, en 182 van

klas lll.

Klas 1: 418 sonder -t, en 38 met t.

Klas ll: 145 met -t en 38 sonder -t.

Klas lll: 182 met -t.

Hier val die -t gewoonlik weg na f, g, k, p, s, word agtergevoeg na l, m, n, r, en kom altyd voor by doen, gaan, slaan, staan en zien.

Van die 99 werkwoorde by die eerstepersoon meervoud opgeteken, behoort 76 tot klas 1, 10 tot klas ll en 13 tot klas lll.

Klas 1: 73 sonder -t en 1 met -t.

Klas ll: 8 met -t en 2 sonder -t.

Klas lll: 13 met die -t-uitgang

Hier het die fonetiese wette byna getrou gewerk.

Daar is geen vorme opgeteken by die tweede pers. meerv. nie.
By die derdepersoon meervoud is 243 werkwoorde op-

geteken, n.l. 104 van klas 1, 78 van klas ll, en 61 van klas lll.

Klas 1: 95 sonder -t en 9 met -t.

Klas ll: 55 met -t, en 23 sonder -t.

Klas lll: 61 met -t.

Hier is daar 'n taamlke wisseling van vorme na l, m, n, r. Hierdie ontleding verklaar waarom die vorme met die dentale uitgang oorheers by die derdepersoon meervoud, naamlik omdat die werkwoorde van klasse ll en lll saam meer is as die van klas 1, wat by geen ander persoon die geval is nie.

Die reëls waarin ek die gebruik van die vorme by die eerstepersoon enkelvoud vasgelê het, geld dus ook vir die ander persone. Ons sien dus dat fonetiese werkinge hoofsaaklik die vorme wat hy gebruik by alle persone bepaal. Hiervan kan ons aflei dat hy geen gevoel vir persoonsverskil by die werkwoord meer gehad het nie, en dat volkome onsekerheid oor die gebruik van die vorme met en sonder -t geheers het in sy taalgebruik.

Geoordeel na Trichardt se gebruik, ~~van persoonsvorme~~, het die persoonsvorme van die enkelvoud ~~verbreiding~~ ondervind sodat hul by alle persone gebruik is, en die -t het later langs fonetiese weg weggeval.

In Afrikaans kom 'n dentale uitgang na f, g, k, p en s byna nooit voor nie. Na l, m, n, en r, kom die dentale uitgang voor by byvoeglik gebruikte voltooidde deelwoorde en 'n enkele maal by 'n persoonsvorm of selfstandige naamwoord. As persoonsvorm word die stamvorm van die werkwoord in die reël vir alle persone in Afrikaans gebruik. In Afrikaans gaan die persoonsvorm egter soms op 'n vokaal of diftong uit waar die Nederlandse stamvorm op 'n konsonant uitgaan. By Trichardt kom hierdie vorme ook voor, b.v.: „Rij Diederik van ons af" (p. 84), „Verder krij hy de vrisse spoor van buffels" (p. 97), „Blij die beste uit" (p. 46). Blij kom 5 maal voor, rij (3), krij (2), schei (1), strij (1), ~~vrij~~ (1).

By die werkwoorde doen, gaan, slaan, staan en zien gebruik Afrikaans egter nie die Nederlandse stamvorm nie. In die reël word die Nederlandse meervouds- of infinitiefvorm gebruik as persoonsvorm, dog die derdepersoonsvorm van die enkelvoud kan nog gebruik word. Die bestaan van albei vorme in Afrikaans is vir Dr. Kruisinga 'n bewys dat die verdwyning van die derdepersoon enkelvoudsvorm as 'n fonetiese proses te verklaar is. Hy verklaar in „De Oorsprong van Het Afrikaans": „De t is het eerst verloren gegaan na stemloze medeklinker, dus in hij loop, hij zeg, zo goed als in vernuf, herfs, enz. Het taalgevoel begreep ten slotte de vormen met -t in hy gaat, enz. niet meer, daar deze laatste de minderheid vormden. Deze konden dus alleen door de overlevering gesteund blijven voort bestaan. Maar daar de vormen in het taalbewustzijn geheel geïsoleerd bestonden, waren ze ook aan de invloed van de vormen zonder t, waarmee ze in functie gelijk waren, blootgesteld". (Taal en Lett. p. 424).

Oortuigend is hierdie verklaring van die gebruik van gaan, ens. as persoonsvorm nie, daar by verlies van persoonsver- skil by die ander werkwoorde, gaat, doet, ens. kon aange- sien gewees het vir stamvorme soos laat van laten. Dit is ook nie duidelik of hy verbreiding van die vorm met -t vóór die ver- lies van die -t aanneem nie, en of hy bedoel dat hierdie proses by die persone van die enkelvoud alleen plaasgevind het, sodat in die meervoud die vorm op -n bewaar gebly het. Dit is interessant dat by Bredero die vorme „doen ick, gaan ick” voorkom (Nauta: Taalkundige aantekeninge, p. 72).

Met die oog op die gebruik van die vorme doet, gaat, ens. in Afrikaans lyk dit waarskynlik dat hierdie vorme op 'n sekere tydstip vir alle persone gebruik is.

Trichardt gebruik byna uitsluitlik die vorme op -t. Slegs een vorm van die eerstepersoon enkelvoud kom voor, en drie meervoudsvorme.

Hy het dus die eerstepersoon-enkelvoudsvorm en die meervoudsvorm geken. Dit is moeilik om te verklaar waarom hul- le so selde gebruik word. Ek sien geen rede waarom hy hulle in sy skryftaal sou vermy het nie, veral as hy korrek Neder- lands wou skrywe, en dit lyk dus waarskynlik dat dit ^{Vorm met -t} sy spreek- taalvorme was, en dat die vorme doen, gaan ens. sedertdien ontwikkel is tot die gewone vorme.

Die werkwoord hebben word 216 maal gebruik by die eerstepersoon enkelvoud. Heb kom 204 maal voor en heef 12 maal, d.w.s. heb maak 94% van die vorme uit en heef 6% : „Heb ik late slagten” (p. 46), „Heb ik hem een schap gegeven”(p.139); „Heef ik schapen gesteurd” (p. 12), „dat ik verstaan heef” (p. 305).

By die tweedepersoon enkelvoud kom die werkwoord slegs 12 maal voor, en in alle gevalle gebruik hy heb: „Gij heb tog wat gekregen” (p. 184), „Jij heb de schuld” (p. 121).

Van die 711 vorme van die werkwoord wat by die derdepersoon enkelvoud voorkom, maak heb 537 uit en heeft 174, d.w.s. 75% van die vorme is heb en 25% heeft. „Of hij niet gehoor heb" (p. 37), „heb Pieta de beesteveld in de water laat gooien" (p. 70; „heeft Carolus aan de rivier gewerkt" (p. 13), „Carolus heef de tind gemaak" (p. 75).

By die meervoud van die eerste persoon is hierdie werkwoord 166 maal opgeteken. Heb kom 137 maal voor, d.w.s. 83%, van die vorme, en heeft 39 maal, d.w.s. 17% : „Heb wij de schaapkraal klaar gemaakt" (p. 41), „Heb wij de tanden uitgekapt" (p. 84), „Heef wij de lammerschapen weggebracht" (p. 11), „Heeft wij niets gedaan" (p. 13).

By derdepersoon meervoud word die werkwoord 202 maal gebruik. Heb maak 156, d.w.s. 77%, en heeft 46, d.w.s. 23% van die totale aantal vorme uit, b.v.: „wat sij mijn te zeggen heb" (p. 276), „maar zij heb niet veel geholpen" (p. 41); „heef zij ses lammers doodgetrap" (p. 190), „Zij heef niets geschoten" (p. 111).

Hier gee 'n tabel ook 'n duideliker beeld van sy gebruik van die werkwoord hebben.

| Enkelvoud: | <u>Heb.</u> | <u>Heeft</u> . |
|---------------|-------------|----------------|
| 1ste persoon: | 204 | 12. |
| 2de persoon: | 12 | 0. |
| 3de persoon | 537 | 174. |
| | 753 | 186 - |
| | | 80% teen 20% |
| Meervoud: | <u>Heb</u> | <u>Heeft</u> . |
| 1ste persoon: | 137 | 29. |
| 3de persoon: | 156 | 46 |
| | 293 | 75 - |
| | | 82% teen 18% |

Dit toon dat sowel heb as heef(t) by alle persone, enkelvoud en meervoud, gebruik word, en dat die gebruik van heb ver oorweeg. Dit bewys ook afwesigheid van alle gevoel vir persoonsverskil, en volkome onsekerheid oor die gebruik van hierdie vorme.

Die vorm heeft kom slegs 19 maal voor en ~~die~~ heef 142 maal. Dit is in ooreenstemming met wat ons sou verwag met die oog op die fonetiese werking wat die wegval van die -t na f bewerk het by die ander werkwoorde.

Daar kom egter nog 'n derde persoonsvorm voor, n.l. het. Hierdie vorm kom egter maar 6 maal voor, b.v.: „Een pauw het hij ook gekwets" (p. 95), „Bij de beste getal komt de swart konij, die de vul doot gestoot het" (p. 96).

In Afrikaans is het die enigste vorm, en dit is dus verbasend dat het so selde voorkom.

Die vorm het kom reeds in sewentiende-eeuse Nederlands voor. Bredero gebruik die vorm het in sy werke waar hy die volkstaal probeer weergee. (Nauta: Taalkundige aantekeninge, p. 35). In die Hollandse dialekte van vandag is het natuurlik 'n algemene vorm. Dr. Bosman sê: „So kom naas die algemeen-beskaafde vorme van die werkwoord hebben in Hollandse dialekte voor ik het, ik hae (hê), hij het, hij heit, men hebt, hebwi, hebsi, wi haen, hedde, gij het, ens". (Oor die Ontstaan, p. 111-2). Dit toon ook aan die onsekerheid en verwarring van die vorme van hebben wat daar in die dialekte heers.

Dr. Kruisinga meld: „Dr. Hettema herinnert my aan de gelykheid van alle personen van hebben in het Fries, waar men zegt, zij hê zo goed als ik hê". (De Oorsprong van het Afrikaans Taal en Letteren, p. 424). In die Hollandse dialekte het daar dus 'n toestand geheers baie gelyk aan die in Trichardt se taal.

Die probleem is egter: waarom kom het so selde voor in Trichardt se skryftaal? Die vorm het is waarskynlik

ontstaan uit heeft. Nauta beskou dat het ontstaan het deur die uitsloting van f voor t by 'n vorm heft wat moet bestaan het, en wat weer uit heeft ontwikkel het. (Taalkundige aantekeninge, p. 35). Weens die wegval van t na f, kon het nie in Afrikaans ontstaan het nie: Dr. Bosman beskou dat het 'n oorgeërfde vorm is, wat deur dialekbotsing in die eerste periode van die nedersetting aan die Kaap die ander vorme verdring het. (Oor die Ontstaan, p. 112).

In die periode waaruit Trichardt se Dagverhaal da-
teer moes het dus reeds die algemene vorm in die spreektaal
gewees het, en Trichardt se oorwegende gebruik van heb en
heef(t) is dus blykbaar toe te skrywe aan 'n poging om kor-
rek Nederlands te skryf. Aangesien by absoluut geen gevoel
meer gehad het vir die vervoeging van hebben nie, en heb en
heef(t) vir alle persone gebruik, twyfel ek of hy het as
onnederlands gevoel het, of, as dit wel die geval was, sy ge-
voel sterk genoeg was om sy skryftaal in so'n mate suiwer te
hou van die vorm het. Die vorm heef is immers ook ^{in korrekte} ~~aan~~ Neder-
lands maar dit word tog dikwels gebruik. Ek is ^{binne's.} gereed om aan
te neem dat het in sy spreektaal baie meer gebruiklik was, maar
dit lyk onwaarskynlik dat heb en heef(t) in sy spreektaal glad-
nie voorgekom het nie.

Vorme van Die werkwoord zijn vind ons 85 maal opgeteken in
die eerstepersoon enkelvoud. Is kom 73 maal voor en ben 12
maal, d.w.s. 82% teenoor 18%, b.v. „Is ik stil geweesd" (p.
10), „is ik na huis gegaan" (p. 126); „ben ik na huis ge-
komen" (p. 141), „dat ik verwondert ben" (p. 44).

In die tweedepersoon is dit slegs eenmaal opgete-
ken: „Gij is onverstandiger as hij" (p. 104.)

Van die 601 vorme van die werkwoord wat in die
derdepersoon enkelvoud opgeteken is, is 576 is en 25 ben,
wat 96% en 4% respektieflik van die totaal uitmaak. B.v.: „Is
Jan met hun gegaan" (p. 221), „Ik zei dat hij groot genoeg
is om het te weten" (p. 262); „ben Pieta gereden om mis te
halen" (p. 59), „ben hij afgetrokken" (p. 245).

Van 276 enkelvoudsvorme wat in die eerste persoon meervoud voorkom, is 169 is en 107 ben, d.w.s. 59% en 41% re- spektieflik van die totaal, b.v.: „Is wij teruggegaan" (p.85), „Is wij na de veld gereden" (p. 16); „Toen wij van Rosset- se getrokken ben" (p. 45), „Ben wij teruggekeerd"(p. 141).

Daar kom een vorm voor in die tweedepersoon meer- voud: „Jullij is nog jonk" (p. 104).

Die werkwoord word 278 ^{maal} by die derdepersoon meer- voud gebruik. Is kom 262 maal voor en ben 16 maal, d.w.s. 94% teenoor 6% van die totaal, b.v.: „Vervolgens is zij na Rossetoe gegaan" (p. 54), „Is zij weer weggegaan" (p. 276); „Zij zei dat zij nog vris ben" (p. 131), „dat de menschen allegeaar vermoord ben"(p. 41).

Die volgende tabel gee 'n duideliker oorsig:

| Enkelvoud: | <u>Is</u> | <u>Ben</u> |
|----------------------------|-----------|--------------------|
| 1ste persoon: | 73 | 12. |
| 2de persoon: | 1 | 0. |
| 3de persoon: | 576 | 25 |
| Totaal vir enkel- voud: | 650 | 37 = |
| | | 94.6% teenoor 5.4% |

| Meervoud: | <u>Is</u> | <u>Ben.</u> |
|---------------------------|-----------|-------------|
| 1ste persoon: | 169 | 107 |
| 2de persoon: | 1 | 0 |
| 3de persoon: | 262 | 16 |
| Totaal vir meer- voud. | 432 | 123 = |

77.5% teenoor 22.5%

Sowel is as ben word dus by alle persone gebruik, en dit bewys ook afwesigheid van alle gevoel vir persoonsver- skil en onsekerheid oor die gebruik van die persoonsvorme. Dit is van belang dat is so sterk oorwegend gebruik word. Dat dit byna 100% in die enkelvoud gebruik is, is 'n argument ten gunste van weergawe van sy spreektaal.

In Afrikaans is is die enigste vorm vir alle persone. Wat hierdie toestand teweegbring het, is onseker, maar vermoedelik gelykmaking as gevolg van verwarring, van die bestaan van dubbelvorme. Die proses was blykbaar in Trichardt se taal aan die werk.

Die kenmerk van Trichardt se persoonsvorme in die teenwoordige tyd is dat die enkelvoudsvorme sonder verskil vir alle persone gebruik word, en dat daar 'n sterk neiging is vir die t om weg te val, veral na stemlose konsonante.

Dit is belangrik dat in sewentiende-eeuse en dialektiese Nederlands daar afwykinge in die persoonsvorme voorkom wat nader staan by die vorme in Afrikaans gebruik. In dialektiese Nederlands kom sowel die gebruik van een vorm, vir al die persone in die enkelvoud voor, as die wegval van die -t na 'n stemlose konsonant, b.v.: „Die dialek van die Suid-Hollandse eilande het net twee vorme vir die teenwoordige tyd: ik, jij, hij, past, hoort, leest, breek, geef; en wij, jullie, zij, passe, hoore, leze, breke, geve". (Opprel: Dialect van Oud-Beierland, p. 41, aangehaal in Oor die Ontstaan van Afrikaans, p. 137). Ons sien dus 'n interessante ooreenkoms tussen Trichardt se skryftaal en die Hollandse dialekte wat die persoonsvorme betref.

Enkelvoudsvorme in die Verlede Tyd:

Met uitsondering van die ses meervoudsvorme wat ons reeds onder meervoudsvorme bespreek het, word die enkelvoudsvorm vir alle persone gebruik in die verlede tyd: „Toen zag wij de paarde" (p. 239), „Zij dronk met een gerus gemoed" (p. 255), „dat wij op de berg na mooi je weer wachte" (p. 237), „ontmoette zij een kaffer" (p. 264).

By hebben word met een enkele uitsondering altyd had gebruik, b.v.: „Zij had het bij de wagens verteld" (p. 229), „nadat wij een posie gezeten had" (p. 169). Met twee uitsonderings word was ook vir alle persone gebruik, b.v.: „wij was

twee uur daar" (p. 137). „De puntjes was een bietje los" (p. 121).

By die enkelvoudsvorme van die verlede tyd van sommige onreëlmatige werkwoorde het ook vereenvoudiging plaasgevind. Waar die vorm uitgaan op 'n stemlose konsonant plus -t, het die t feitlik orals weggeval. Hier het die fonetiese werking wat die wegval van die t na f, g, k, p, en s bewerk het in die teenwoordige tyd, dus ook plaasgevind.

By slegs 3 werkwoorde kom die dentale uitgang nog 'n enkele keer voor, n.l. denken, verzoeken en brenge. Dagt kom 4 maal voor, en dag 25 maal; bragt 10 maal en brag 88 maal. Verzagt kom drie maal voor: „Hoewel hij dagt dat het raak was" (p. 50), „maar ik dag te sien" (p. 283); „Adonis bragt tot antwoord" (p. 15), „hij brag twee osse" (p. 35); „en verzagt hem in besonder" (p. 95). Die werkwoorde mogen, moeten en weten kom uitsluitlik in die vorm mog, moes en wis respektieflik voor, b.v. „Zei ik aan Anthonie dat hij en Sakanna gaan mog" (p. 233), „dat Albach zeggen moes" (p. 48), „Zij moes gaan palmiet schnijden" (p. 54); „maar zij alle wis daar niets van" (p. 47).

By die verlede tye het dus sowel die meervoudsvorm as die dentale uitgang by sommige onreëlmatige sterk werkwoorde byna heeltemaal reeds verdwyn.

Wat die uitdrukking van persoon en getal by die werkwoord betref, sien ons dus dat ooreenstemming tussen onderwerp en werkwoord in Trichardt se taal so goed as verdwyn het. Hy het blykbaar geen gevoel daarvoor gehad nie. Hoewel die verskillende persoonsvorme nog voorkom, word dit sonder verskil gebruik by alle persone en daar is 'n sterk neiging tot gelykmaking bespeurbaar.

H O O F S T U K 11.

T Y D E N W Y S E.

1. Die Aanvoegende Wys.

Hierdie wyse stel gewoonlik 'n handeling voor as 'n werklikheid op een of ander tydstip.

Die Onvoltooid Teenwoordige Tyd.

Al opsig waarin Afrikaans van Nederlands verskil wat uitdrukking van die onvoltooid teenwoordige tyd betref, is in die persoonsvorme.

Trichardt se uitdrukking van die onvoltooid teenwoordige tyd het ek dus reeds in die vorige hoofstuk behandel.

Die Voltooid Teenwoordig en Onvoltooid Verlede

Tyd:

Om dat sekere vorm gebruik word om albei tye uit te druk, sal ek die uitdrukkinge van hierdie tye gelyktydig behandel en die vorme apart behandel.

(a) Die Perfektum.

Volgens die grammatikas word die voltooid teenwoordige tyd in Nederlands deur hebben of zijn plus die voltooid deelwoord, die perfektum, uitgedruk; die onvoltooid verlede tyd word uitgedruk deur die praeteritum, maar omdat die werking deur die perfektum uitgedruk in die verlede plaasgevind het, is die perfektum ook 'n uitdrukking van die verlede tyd en word dit in baie gevalle gelykwaardig met die praeteritum gebruik. In Afrikaans het die praeteritum, behalwe by 'n paar werkwoorde, verlore gegaan, en verrig het of is plus volt. deelw. albei funksies. Om die voltooid teenwoordige tyd te onderskei van die onvoltooid verlede tyd gebruik Afrikaans vormwoordjies soos nou net, so ewe, so pas by die perfektum. Die kenmerk van die perfektum is dat dit nie

soseer tyd uitdruk nie as die resultaat van, of toestand as gevolg van 'n handeling. In bepaalde omstandighede druk die perfektum egter wel onvoltooid verlede tyd uit, en in Afrikaans het die perfektum meer as in Nederlands die mag om onvoltooid verlede tyd uit te druk.

Ek sal probeer om vas te stel in watter mate Trichardt se gebruik van die perfektum afwyk van Nederlands en met Afrikaans ooreenkom.

Prof. Van Wyk sê: „Als wij een feit uit het verleden vermelden zonder meer, gebruiken wij gewoonlijk den perfektum". (De Nederlandsche Taal p. 93). Hierin stem Trichardt se taal ooreen met Nederlands, en, trouens, ook met Afrikaans. 'n Opvallende kenmerk van sy taal is die veelvuldige gebruik van die perfektum plus 'n tydsbepaling om 'n feit uit die verlede te vermeld. Dit kom 329 maal voor met is, 275 maal met heb, 93 maal met heef en 107 maal met ben, b.v. „De middag heb wij Carolus zijn wagen afgebragt" (p. 235), „Woensdag ben wij getrokken tot aan Strydoms Gat" (p. 170), „Vrydag is ik en Jan gegaan om na de rat te sien" (p. 145).

Verder sê prof. Van Wyk: „Maar zodra wij verschillende gebeurtenisse in hun onderling verband meedelen, is de praeteritum gebruikelijker". (De Nederlandsche Taal p. 94). Hier gebruik Afrikaans die historiese praesens of die perfektum, en ons vind dat Trichardt ook soms die perfektum gebruik, b.v.: „De avond is Mossouw gekomen, heb een as gebragt" (p. 22), „Is ik en Jan daarop afgereden met de honden, nam hy de vlugt, heef wij hem nagereden en heb Jan hem geschoten" (p. 280). Daar kom 113 gevalle in die Dagverhaal voor waar ek beskou dat die perfektum die praeteritum verdring het.

Waar toe by die perfektum gebruik word voel Afrikaans dit as 'n duidelike onvoltooid verlede tyd. Dis 'n his-

toriese tempus wat gebruik word om 'n handeling uit te druk in verhouding tot 'n voorafgaande handeling. Toen kom 36 maal voor by die perfektum in die Dagverhaal, b.v.: „Ik liet de wagen op de pad brengen en toen heb wij de pakwagen afgebragt” (p. 233).

Maar die perfektum alleen kan ook in 'n historiese sin gebruik word, veral na die voltooid verledetyd, b.v.: „Nadat wij gegeten had, is ik na mijn kamer gegaan” (p. 321).

Daar kom egter ook baie gevalle voor waar die perfektum alleen voltooide handeling uitdruk, b.v.: „Jan en ouwe Botha heb vellingen gekap voor Jan zijn wagen” (p. 105). Daar kom omstreeks 250 gevalle voor waar die perfektum hierdie funksie verrig.

In Nederlands is daar 'n sogenaamde historiese perfektum ontwikkel wat min of meer ooreenkom met die gebruik van die perfektum in Afrikaans. „De voornaamste bron van dit verhalende perfectum is echter het gewone perf. dat gebeurtenissen beschrijft die voortleven in de herinnering van de verhaler als bijzonder belangrijk. We zullen dit verhalende perf. vooral aantreffen in de vertelling in dagboekvorm, het verslag, en in verhalen waar de auteur actief deelneemt” (Overdiep: Moderne Nederlandsche Grammatica, p. 112).

In Afrikaans het die perfektum, deur verlies van die praeteritum, egter sterk uitbreiding gekry.

Trichardt se gebruik van die perfektum is ongetwyfeld uitgebreider as in Nederlands, hoewel nog nie so uitgebreid as in Afrikaans nie. Dit is opvallend dat van die so sterk-werkwoorde wat Trichardt in die perfektum gebruik, 23 nooit in die praeteritum voorkom nie b.v.: geholpen (6), gelegen (7), geschreven (6), gesneden (10), gestolen (4), vergeten (3), gevreten (8). Dit dui op verdringing van die praeteritum deur die perfektum.

(b) Die Praeteritum:

Die praeteritum, die suiwere tydvorm om onvoltooid verlede tyd uit te druk, word in Nederlands gevorm deur wisseling van die stamklinker by die sterk werkwoorde, en die voeging van -de of -te agter die stam van die swak werkwoorde. In Afrikaans het die praeteritum geheel verlore gegaan. Dit is die vernaamste verskil van Nederlands in die vervoeging van die werkwoord. ^{Trouens} ~~Maar~~ die verlies van die klinkerwisseling by die sterkwerkwoorde word beskou as die kardinale kenmerk van Afrikaans wat hom onderskei van Nederlands.

Trichardt gebruik die praeteritum nog in 'n baie groot mate, dog die praeteritumvorm is nie altyd korrek nie. Daar kom swak vervoegde praeteritumvorme van sterk werkwoorde voor, by die volgende werkwoorde: „wijzen (7), b.v.: „Hij wijsde mijn de spoor" (p. 129), „Zij wijste mijn" (p. 290), „Ik wijste waar de wagen kon blijven staan" (p. 226); kijken (5), b.v.: „Ik kijkte waar de schapen eers geschrikt had" (p. 281). „Hij kijkte na boven" (p. 226), „Ik kijkte na de lijn, zag ik assegaaien liggen, kijkte ik na de spoor" (p. 103); blazen (2), b.v.: „Zij blaaste op de fluiten" (p. 63); gelijken (2), b.v.: „De tweede was een os die de hoorn omtrent een span lank gelijkte" (p. 160); trekken (2), b.v.: „Het trekte aan een klip vas" (p. 236); bijten (1), b.v.: „Maar hij bijtte mijn so hard" (p. 306), krijgen (1), „Maar hij krijgte geen antwoord" (p. 103); rijden (1), „Toen wij weg rijde zag wij het eers" (p. 200); roepen (1), „Roepte Willem ons van ver toe" (p. 219); zoeken (1), „Men dagte dat hij spelde soekte" (p. 176); lijken (1); „Het lijkte of Carolus mijn plagen wil" (p. 203), steken (1), „De kaffers steekte gedurig agter de agter beenen" (p. 299). Die korrekte praeteritumvorme van hierdie werkwoorde kom die volgende aantal keer voor: blies (0), beet (1), kreeg (4), geleek (1), keek (0), leek (0), reed (2), riep (24), trok (10), stak (3), wees (3), zocht (2). Hieruit blyk dat die sterkvorm by drie werkwoorde gladnie voorkom nie, en dat die swakvorm by twee ander werkwoorde oorweeg. Dit bewys verswakking van sy

gevoel vir die sterk praeteritumvorm en 'n mate van onsekerheid oor die vervoeging van die werkwoorde.

Die werkwoord schrikken word deurgaans swak vervoeg. *with the usual...*
Schrikte kom 7 maal voor, b.v.: „Waarvoor de osse schrikte“ (p. 175).

Trichardt onderskei nie tussen leggen en liggen in die praeteritum nie, en die sterk praeteritum-vorm van die swakwerkwoord leggen word vir albei werkwoorde gebruik, b.v.: „Hij zei dat hij haar kreeg dat zij lij (lei) te slapen“ (p. 204). In die infinitief kom liggen darem 7 maal voor, maar 21 maal word dit vervang deur leggen. In baie Hollandse dialekte word ook nie onderskei tussen hierdie twee werkwoorde nie. In Afrikaans word lê gebruik om albei betekenis se uit te druk.

Daar kom een eienaardige vorm voor wat in werklikheid 'n ^{dubbele} praeteritumvorm is, b.v.: „Het was kafferstuinen die toenmaal na niet geleekte“ (p. 172). Hierdie vorm kom dikwels voor by die onreelmatige sterk werkwoorde. Die volgende vorme kom voor: dagte (17), b.v.: „Toen men dagte dat hij terug kon wees“ (p. 161); verzogte (4), b.v.: „Daarop verzogte hij mijn“ (p. 279); mogte (3), b.v.: „Als het mogte zijn“ (p. 320); moeste, dogte en zogte elk een maal: „dat zij het doen moeste“ (p. 230), „Dogte wij dat hij schieten zouw“ (p. 221), „In die tijd dat wij na de spoor zogte“ (p. 255).

Dit is moeilik om 'n verklaring vir hierdie vorme te vind. Dit is moontlik dat dit bedoel is as meervoudsvorme, maar die toestand van sy taal met betrekking tot werkwoorde-like meervoudsvorme getuig teen so'n moontlikheid. Dit is blykbaar hipper-korrekte vorme, maar dit veronderstel 'n sekere mate van onsekerheid oor die praeteritumvorm wat onmoontlik by werkwoorde soos mogen, moeten en denken kon be-

staan het. Waarskynlik het die sterk praeteritumvorm vir sy gevoel nie verlede tyd sterk genoeg uitgedruk nie, en gevolglik het hy die uitgang van die swak vorm onbewus aangelas om die tydsuitdrukking te versterk.

Dit is verbasend dat hy by die swak werkwoorde wat ook 'n sterk praeteritum kan neem, alleen die sterk vorm gebruik by die werkwoorde leggen en zeggen, en by jagen en vragen die sterk vorm net soveel gebruik as die swakvorm.

By die swak werkwoorde kom 'n paar gevalle voor waar hy 'n werkwoord sterk vervoeg. By zitten kom die vorm zat 3 maal voor, b.v.; „De morgen zat wij ons goederen af" (p. 302), „Ik zat Willem die dag by de schapen" (p. 208). Die swak vorm zette kom slegs 3 maal voor. Trichardt was dus onseker oor die werkwoorde zitten en zetten en kon blykbaar hulle nie onderskei nie. In Afrikaans het hierdie werkwoorde ook saamgeval.

By 'n ander swak werkwoord kom sterk praeteritumvorme voor, n.l. kennen, b.v.: „De ooijen die ik goed kon" (p.82), „En de ooij die ik niet kon, was naderhand ook uwe". (p. 82). Hy gebruik kon 3 maal en kende 10 maal. In die teenwoordige tyd gebruik hy egter 167 maal ken i.p.v. kan, wat 10 maal voorkom. In Nederlandse dialekte bestaan daar ook baie onsekerheid by kennen en kunnen, maar nie in Afrikaans nie.

In sy gebruik van die praeteritum sien ons dus 'n sekere mate van onsekerheid, dog die inkorrekte vorme maak slegs 5% van die totale aantal praeteritumvorme uit.

Daar is 'n verswakking in sy gevoel vir die sterk praeterita merkbaar en 'n neiging om sterk werkwoorde swak te maak. Hierdie neiging was reeds in die sewentiende-eeuse Nederlandse volkstaal aanwesig, en is ook in die Hollandse dialekte werkzaam. Dr. Van Ginneken beskou nie dat Afrikaans die ongestoorde ontwikkeling is van 'n Nederlandse dialek nie,

maar verklaar: „Wel moet echter worden toegegeven: dat Hesseling er te weinig aandacht aan gewijd had, dat toch ook reeds de analogische verdringing van de sterke werkwoorden door de zwakke, ook in het Zeeuwsch en het Zuid-Hollandse eilanden reeds aardig op weg was om de Zuid-Afrikaansche ontwikkeling mogelijk te maken". (Handboek der Nederlandsche Taal 1, p. 208).

(c) Die Historiese Praesens.

'n Opvallende kenmerk van Trichardt se uitdrukking van die onvoltooid verlede tyd is sy veelvuldige gebruik van die praesens. In Afrikaans is die praesens die ~~gewoonste~~ vorm wat ^{die mees} gebruik word om die onvoltooid verlede tyd uit te druk, gewoonlik met toe of 'n tydsbepaling.

Maar ook in Nederlands word die praesens gebruik om onvoltooid verlede tyd uit te druk. „In den dialoog in den bijzén kan de tydsvorm wordengeassimileerd aan den hoofdzin: onderzijds ^{is} ook het vage, tijdelooze, praesens in den bijzin voldoende aanduiding der functie, wanneer deze in duidelijken vorm als verleden of toekomstig in den hoofdzin is omschreven" (Overdiep: *Moderne Nederlandsche Grammatica*, p. 104).

Maar dit is veral in die verhaal wat die praesens gebruik word om onvoltooid verlede tyd uit te druk, die historiese praesens: „in een verband van zinnen met duidelijke verleden tijden kan dit neutrale werkwoord zeer wel begrepen worden as omschrijving van een der verleden feiten in de reeks" (p. 105). Die praesens kom ook voor in bysinne na 'n verlede tydsvorm, en met die bywoord toen.

Trichardt gebruik egter die praesens afwykend van die Nederlandse gebruik in sommige gevalle. Hy gebruik soms newegeskikte hoofsinne met verskillende tydvorme, b.v.: „Hij stond en roep hem bij zijn naam" (p. 241), „Ik ging uit en roep Rossetoe opsj" (p. 94). Hy gebruik ook 'n praesens in die hoofsin gevolg deur 'n praeteritum in die bysin, b.v.: „Ik vraag haar waar zij na toe ging" (p. 265), „De pijn ruk

onder zijn bors op dat hij geen adem halen kon" (p. 75). 'n Praesens plus tydsbepaling word ook dikwels gevolg deur 'n praeteritum, b.v.: „De paarden raak de morgen dig by de wagens weg, steurde ik Gustaf" (p. 260). Na toen plus die praesens gebruik hy ook soms die praeteritum of selfs die voltooid verlede tyd, b.v.: „toen wij bij de eind van de pad komt, zei ik aan Jan....(p. 212), „Toen zij te lang aan houd, ging Corolus na haar toe" (p. 79), „Toen ik weer in huis komt, had Doors niets gedaan als huilen" (p. 94). In 'n beskrywende sin wissel die praesens en praeteritum soms af by elke sinsdeel, b.v.: „Wij liet de wagen halen, leg de beenen daarop, en liet het na huis bringen", (p. 100), „Schoot hij met lopers, blijf een liggen en een ging weg" (p. 268), „maar ziende dat zij de vlug nam, rijd wij na de kraal toe, zag wij dat zij met haar bokken vlugte". (p. 182), „De water was nog te sterk en ons vee krijg zoo veel bosluizen dat wij het niet redden kon (p. 273). In bysinne is die gebruik van die praesens algemeen, b.v.: „De buffels was zoo onnosel dat zij dertig, veertig, tree van ons blijf staan" (p. 207).

Uit hierdie aantal voorbeelde blyk dat Trichardt se gebruik van die praesens nie in ooreenstemming met die Nederlandse gebruik is nie. 'n Praesens kan in Nederlands nie deur 'n praeteritum gevolg word nie, selfs nie toen plus 'n praesens of 'n tydsbepaling plus 'n praesens, wat as uitdrukking van die verlede tyd gevoel word. Die praesens kan ook nie 'n hoofsin, newegesik aan 'n hoofsin met 'n praeteritum, gebruik word nie. In werklikheid gebruik Trichardt hier die praesens met praeteritale waarde, en hy maak geen verskil tussen die gebruik van die praesens en die praeteritum nie.

Trichardt se gebruik van die praesens verskil ook van die gebruik in Afrikaans.

Afrikaans besit geen praeteritum nie en dus kan die Praesens in Afrikaanse nie gevolg word deur 'n praeteritum nie.

← Maar waar hy die praesens in 'n hoofsin gebruik, verskil dit soms van die Afrikaanse gebruik omdat Afrikaans toe by die praesens verlang, b.v.: „Ik vraag Adonis wat hij van Sekieti dink: antwoord hij: hij weete nie" (p. 171), of die gebruik van het plus volt. deelw. in plaas van die praesens, b.v.: „Albach hoorde mijn en laat die slagen blijven, maar beloof haar dat zij niet vrij wezen zal" (p. 92).

In Afrikaans word toe plus die praesens as 'n praeteritum gevoel, asook 'n tydsbepaling by die praesens wat verlede tyd aandui.

Trichardt se gebruik van die praesens is dus sonderling, maar die afwesigheid van toe kan miskien toegeskrywe word aan 'n poging om so min woorde as moontlik te gebruik, aan dagboekstyl.

Die opvallendste kenmerk van sy gebruik van die praesens is die gebruik daarvan in die indirekte rede in die verlede tyd. Ons vind dat by hom feitlik geen verskuiwing van tydvorme plaasvind in die indirekte rede na 'n verlede tydvorm nie. In hierdie opsig verskil sy taalgebruik volkome van Nederlands en stem dit ooreen met Afrikaans. Uitgeslote die werkwoorde wat die praeteritum in Afrikaans behou het, behou 90% van die werkwoorde die praesensvorm in die indirekte rede na 'n verlede tydvorm. Van die 3017, historiese praesensvorme wat in die Dagverhaal voorkom, word 1406 in die indirekte rede gebruik, d.w.s. 46%.

Ek het die verbreding van die praesens ten koste van die praeteritum verder ondersoek, deur die relatiewe gebruik van die praesens en praeteritum om verlede tyd uit te druk, by elke werkwoord vas te stel.

By die sterk werkwoorde het ek 'n neiging gevind om die werkwoorde van een klas oorwegend in die praesens te gebruik, terwyl by ander ablaut klasse die neiging was om die praeteritum konsekwent te gebruik.

By die werkwoorde van die eerste ablautklas word die praesens oorwegend gebruik: blijf(t) (97), bleef (13), begriep (1), begreep (0); kijk (2), keek (0), krijg(t) (87), kreeg (4), lijk (2), leek (0); rijd (13), reed (2); schijn (2), scheen (6); strijk (0), streek (1); swijg (3), sweeg (6); wijs(t) (4), wees (3).

Die aantal werkwoorde van die tweede ablautklas wat gebruik word, is te klein om 'n konklusie te ^{teoreties} ~~trek~~: schiet(2), schoot (55); verkie(t) (9), verkoos (0); vlieg (0), vloog (4).

By die werkwoorde van die derde ablautklas oorweeg die praeteritum: begin (0), begon (21); bind (1), bond (1); drink (1), dronk (3); sing (1), song (1); spring (0), sprong (6); trek (2), trok (10); vind (2), vond (35).

Die werkwoorde van die vierde ablautklas kom byna uitsluitlik in die praeteritumvorm voor: breek (1), brak (12), geef (14), gaf (148); neem (4), nam (117); steek (0), stak (3); spreek (4), sprak (44); zit (0), zat (25).

By die werkwoorde van die vyfde klas kom daar byna 'n gelyke getal vir elke vorm voor: laat (75), liet (85); loop (23), liep (35); roep (7), riep (24); ook by ander klasse is dit die geval. Klas 6: draag (2), droeg (1); vaar (1), voer (2). Klas 7: ontvang (2), ontving (0); word (33), wierd (28), werd (2).

Hierdie statistieke toon dat hy 'n besonder sterk gevoel gehad het vir die praeterita met kort ^[j] o en ^[a] a, en lang ^[o:] o, sodat die werkwoorde wat hul praeteritum met hierdie vokale vorm in die direkte rede feitlik nooit in die praesens voorkom nie. Daarenteen kom praeterita met lang ^[e:] e selde voor, selfs in die direkte rede, en sy gevoel vir die praeteritum met lang ^[i] i was ook verswak.

Dit is opvallend dat die sterk werkwoorde wat swak

vervoeg is hoofsaaklik tot die eerste ablaut klas behoort, en dat alleen by die werkwoorde van hierdie klas die praesensvorme oorweeg oor die praeteritumvorme.] By die onreelmatige sterk werkwoorde wissel die verhouding van praesens- en praeteritumvorme af by elke werkwoord: bring (11), brag(t) (98); dink (7), dag(t) (29), dagte (17); doet (10), deed (24); gaat (108), ging (204); houd (14), hield (0); kan of ken (210), kon (263); kom(t) (128), kwam (507); moet (316), moes (82); mag (24), mog (16); slaat (4), sloeg (11); staat (11), stond (32), (ver)soek (3), (ver)zocht (2); verlies (3), verloor (2); weet (32), wis (16); wil (121), wou (138); zal (377), zou (254); ziet (21), zag (121). Ook hier sien ons die groot afwisseling in sy gebruik van die praesens by verskillende werkwoorde, en sy sterk gevoel vir die praeterita met kort ^[ɔ] o of ^[a] a vokaal.

Hierdie statistieke is van belang omdat dit Trichardt se gebruik aantoon van 'n aantal werkwoorde waarvan die praeteritum in Afrikaans behoue gebly het. Dit is van belang om sy gebruik van hierdie werkwoorde noukeurig te ondersoek.

Ons het gesien dat Trichardt by die hulpwerkwoorde kunnen, moeten, mogen, willen en zullen, ook die praesens gebruik waar Nederlands 'n praeteritum verwag. Hoewel die praeteritum van hierdie werkwoorde behoue is, word die praesens van hierdie werkwoorde ook soms in Afrikaans gebruik in die verlede tyd. 'n Vergelyking van Trichardt se gebruik van hierdie werkwoorde met die gebruik in Afrikaans is moeilik omdat hulle gebruik in Afrikaans nog nie deeglik ondersoek is nie.

Dit is moeilik om die gebruik van hierdie werkwoorde as tydsuitdrukking vas te stel omdat hulle sowel 'n modaliteit as 'n tydstrap kan omskryf, en dikwels geheel hul funksie as tydsuitdrukking verloor.

Die praesensvorme van hierdie werkwoorde wat in die verlede tyd gebruik word, kom byna uitsluitlik in die indirekte rede voor. Die volgende tabel gee 'n duidelike beeld van sy gebruik van hierdie werkwoorde in die verlede tyd.

| | <u>Direkte rede.</u> | <u>Indirekte rede.</u> |
|-------------|----------------------|------------------------|
| Kan of ken: | 15 | 195. |
| Kon | 195 | 68. |
| Mag | 4 | 19. |
| Mog | 6 | 12 |
| Moet | 13 | 303. |
| Moes | 50 | 32. |
| Wil | 3 | 118. |
| Wou | 107 | 31. |
| Zal | 8 | 369. |
| Zou | 153 | 101. |

Hieruit blyk dat die praesens baie selde in die direkte rede voorkom dog oorwegend gebruik word in die indirekte rede. Hierdie onderskeid blyk uit 'n sin soos: „Ouwe Botha zei, de morgen toen ik aan de voortang van mijn wagen gaan zouw, dat ik maar mijn ander werk maken ken, dat hij het maken zal" (p. 261).

In die direkte rede gebruik Trichardt die praesens selfs in 'n hoofsin, b.v.: „Ouwe Botha is meegeweens maar kan de avond daar niet blyven" (p. 270, „De vrouwen had haar hoenders uit de hokken gelaten, moet zij het weer vangen" (p. 173). Hierdie gebruik is onafrikaans, daar in Afrikaans die praesens van hierdie werkwoorde nie gebruiklik is in 'n hoofsin nie. Hy gebruik die praesens ook in 'n byvoeglike bysin waar Afrikaans die praeteritum verlang: „Is wij op een spits koppie gegaan om te zien na de weg die wij de dag trekken moet" (p. 199). In 'n ander geval word die praesens gebruik in 'n

bywoordelike bysin van doel: „Wij had de agterwielen uitge-
trokken en een tak onder de as laate sleepen, dat de bouten
niet vas haken of breken ken" (p. 232). Hierdie gebruik is
toelaatbaar in Afrikaans. Trichardt gebruik die praesens
egter hoofsaaklik in voorwerpsinne: „Ik wouw zien of zijn
werken ook zoo wezen zal als zijn geschenk" (p. 189), „Ik
merkte dat wij van haar niet veel hulp te wagten weesen moet"
(p. 219), „Is wij gegaan om te zien waar wij de beste ons
wagens af ken krijgen" (p. 204). In Afrikaans kom die prae-
sens in die indirekte rede ook hoofsaaklik in voorwerpsinne
voor. Maar oor die algemeen is die gebruik van die prae-
sens van hierdie werkwoorde in Afrikaans baie beperk.

In die direkte rede gebruik Trichardt die praete-
rita van hierdie werkwoorde, ~~deur gaans~~, met enkele uitsonde-
ringe, ^{deurgaan's} b.v.: „Ouwe Isaak wouw het weer vervatten, maar hij
wouw wagten tot hij hersteld was" (p. 43). „Ik kon niet
doen wat ik wouw want mijn vrouw was zoo sleg de morgen" (p.
314). „Ik zei aan Jan, toen hij gaan zou, dat hij niet
verder gaan moet" (p. 213), „Albach zijn bant was te klijn,
moes gerekt worden" (p. 90).

In die indirekte rede oorweeg die praesens egter,
omdat hy gewoonlik nie die tydvorme verskuif na 'n verlede tyd
nie. In die indirekte rede is die gebruik van die praesens
algemeen, hoewel die groot meerderheid van gevalle voorkom in 'n
voorwerpsin na zei, vroeg, ens.: „Ik zei dat as zij een
maand wagten wil, ik zal komen. (p. 61), „Zei de kaffer dat
hij de hok schieten moet voor haar" (p. 118), „De avond zei
Botha dat wij de wagen daar door bringen ken" (p. 225), „Ik
zei aan de gezant dat ik Sakana steuren zal, maar de Captijn
moet met hem komen" (p. 257).

Maar, soos blyk uit die tabel, kom daar nog 'n aan-
sienlike getal praeterita in die indirekte rede voor. Dit sluit

natuurlik ook die voorverlede of indirekte verlede tyd in, wie se tydvorm in die indirekte rede nie verskuif kan word nie, en wat dieselfde vorm het as die indirekte teenwoordige tyd, b.v.: „Carolus zei dat ik de vee moes verkogt hebben" (p. 202), „Ik zei dat ik te lang zou gebleven hebben" (p. 202). Maar Trichardt gebruik selfs vir die voorverlede tyd 'n enkele keer die praesens: „Kwam zij en zei dat zij ook zoo grote kralen gezien heb daar zij lang op moet gewoond hebben" (p. 290).

Maar die meerderheid van die praeterita in die indirekte rede voorkom is egter wel uitdrukking van die indirekte teenwoordige tyd, d.w.s. die verskuifde praesens, b.v.: „Ik zei dat de vrouwen niet komen kon" (p. 304), „De morgen zei ik aan Anthonie dat hij en Sakana gaan mog" (p. 233), „Ik zei dat hij met hen gaan moes (p. 272), „Zij dag dat ik die morgen vertrekken zou" (p. 89).

In Afrikaans is daar 'n sterk neiging om die praesens van hierdie werkwoorde ongeskuif te laat in die indirekte rede na 'n hoofsin met 'n werkwoord in die verlede tyd. Dit is egter geensins die reël nie, daar die praeteritum baie dikwels in Afrikaans gebruik word in die indirekte rede, veral om 'n modaliteit of 'n sekere betekenisskakering uit te druk.

Die praeterita dag en verloor het ook in Afrikaans behoue gebly. Trichardt gebruik 7 maal dink in plaas van die praeteritum. Al die gevalle kom egter voor in die indirekte rede, b.v.: „Zei de ouwe aan mijn, wat ik dink van ouwe Botha" (p. 89). Verloor het in Afrikaans die praesensvorm verdring en sy praeteritale betekenis verloor. Trichardt gebruik verlies drie maal in plaas van verloor, b.v. „Met trekken verlies Albach zijn merrie paard, heef hij Catrijn deftig afgeloest" (p. 179). „Daar verlies Albach zijn laatste paard, en een van mijn swager, die ik bij mijn had" (p. 297). Verloor kom slegs twee maal voor, b.v. „Zou de ouwe mijden mijn pijp meebringen, verloor zij die op de weg" (p. 128). Ongelukkig gebruik hy die werkwoord in al die gevalle

met praeteritale funksie sodat dit moeilik is om uit te maak watter vorm hy as die praeteritum beskou het. Die indruk wat ek kry is dat verlies 'n hipper-korrekte vorm is en dat hy verloor reeds as die praesens gevoel het.

Die werkwoorde hebben en zijn het ons nog nie behandel as selfstandige- en koppelwerkwoorde nie. In die direkte rede is die aantal praesensvorme wat praeterita vervang, gering. Is kom 8 maal voor en heb 3 maal. Hierdie praesensvorme kom ook hoofsaaklik in voorwerpsinne voor, b.v.: „Vroeg ging ik en Jan om te sien of de gekwetste nog daar of doot is” (p. 85), „Ik nam mijn voor om zelf te zien of het de waarheid is, voordat ik aan trekken ging” (p. 147), „Dag wij dat het de spoor is die ek gezien had” (p. 240).

In Afrikaans word is en het soms in bysinne gebruik na 'n verlede tyd.

Trichardt gebruik egter had 247 maal en was 269 maal in die direkte rede as selfstandige en as koppelwerkwoorde, b.v.: „Toen de melk in huis was, kwam hij na binnen” (p. 91); „Zag wij dat zij ons reets voor was” (p. 240), „Eer het avond was, had wij regen op de berg” (p. 220), „Pieta had zijn huis bijna klaar toen ik daar kwam” (p. 129).

In die indirekte rede word die praesensvorme van hebben en zijn omtrent twee maal soveel gebruik as die praeterita, en ons sien hier ook die neiging om die praesens onverskuif te laat. Is kom 367 maal voor, heb 69 maal, ben 7 maal en heef 3 maal, b.v.: „Carolus zei dat wij lixer omkeeren moet, want dat wij geen tolk heb bij de Makwambas en de weg onbekend is” (p. 250), „Ouwe Hans zei aan mijn dat hij honger heb” (p. 71), „Ik zei dat het niet de eerste wagen is die om vald” (p. 211), „Ik zei aan Alback, dat hij nog jonk ben” (p. 72).

Was kom 106 maal en had 24 maal voor as selfstandige- en as koppelwerkwoorde. 'n Aantal hiervan druk die voor-

verlede/tyd uit en is dus onverskuifde vorme, b.v.: „Ik zei dat het goed bekend is dat sommige van ons daar niet vandaan gebrag heef als wat hij aan zijn lighaam had" (p. 203), „Zei hij dat zij een groot trop buffels gekregen heb maar Corolus was bang om te schieten" (p. 204).

Die meerderheid van hierdie vorme is egter wel ver-skuifde vorme en die praterita word gebruik vir die indirekte teenwoordige tyd; bv.: „Men dag dat het min genoeg was om afscheid te nemen" (p. 89), „Ik vrig of die Captijn veel beeste had" (p. 35), „Zei ik dat het genoeg was" (p. 293), „Zei Jan dat hij voor zij osse jammer had" (p. 215). Die praeteritum kom selfs voor na 'n historiese praesens, b.v.: „Ik vraag wat het was" (p. 287).

By die swak werkwoorde met gemengde vervoeging wissel die verhouding van praesens- en praeteritumvorme besonder af by die verskillende werkwoorde: jaagt (4), jaagte (2), joeg (2); legt (10), lei (23); vraag(t) (237), vroeg (9), vraagte (32); zeg(t) (47), zei (955). Dit is opvallend dat alleen die sterk praeteritum by leggen en zeggen gebruik is.

Ook by die swak werkwoorde vertoon sy taal 'n afwisselende gebruik van praesens- en praeteritum vorme. Dit is opvallend dat uit 'n totaal van 119 swak werkwoorde wat hy gebruik om die verlede tyd uit te druk, 24 alleen in die praesensvorm voorkom, n.l.: bakalij (1), begeer (1), beschuldig (1), blaf (1), brand (2), hinder (1), hoef (1), leef (1) merk (2), nader (1), praat (1), regeer (1), regent (1), schaam (1), stamp (1), schel (1), straf (1), tel (1), verlang (2), vrek (1), wek (1), verhaal (1), volg (1), verdroom. Hierdie vorme kom byna almal slegs 'n enkele maal voor, sodat hieruit geen konklusie kan getrek word nie.

Daar kom egter 32 werkwoorde voor wat uitsluitlik in die praeteritumvorm voorkom: belette (2), barste (1),

bedroefde (2), beduide (7), diende (4), dankte (9), donste (1), deugde (2), deelde (1), duurde (4), hitste (4), hoopte (2), handelde (1), klaarde (1), ontmoette (2), poogte (1), remde (1), rolde (1), schopte (1), stemde (5), stuifde (1), swaaide (1), sleepte (2), scheelde (3), trooste (1), verrigte (1), verdeelde (1), vertelde (3), weende (1), wijgerde (10), zette (2), weegde (1). Hieruit blyk dat die helfte van hierdie aantal

werkwoorde twee of meer maal voorkom. Aangesien Trichardt feitlik alle praesensvorme onverskuif laat in die indirekte rede, is dit merkwaardig dat hierdie aantal werkwoorde uitsluitlik in die praeteritum voorkom.

Die oorblywende 56 swak werkwoorde kom sowel in die praesens as praeteritum voor b.v.: hoor (8), hoorde (42); beloof (8), beloofde (14); maak (25), maakte (22); mankeerd (7), mankeerde (1); presenteerd (2), presenteerde (10); steurd (8), steurde (50); werk (9), werkte (4).

Die merkwaardigste kenmerk van Trichardt se gebruik van die historiese praesens is dat hy dit volkome gelykwaardig aan die praeteritum gebruik met die gevolg dat hy dit soms gebruik waar dit van sowel die Nederlandse as die Afrikaanse gebruik verskil. Nog 'n belangrike kenmerk is dat die praesens en praeteritum van dieselfde werkwoord langs mekaar gebruik word om onvoltooid verlede tyd uit te druk, en dat die verhouding van praeterita tot praesentia by die individuele werkwoorde so sterk afwissel.

Dit is van belang dat in die indirekte rede, die praesens byna getrou bewaar word en die tydvorm nie verskuif word na die praeteritum nie. Daarenteen word die werkwoorde wat hul praeteritum in Afrikaans behou het, byna getrou in die praeteritumvorm gebruik in die direkte rede.

By Trichardt ^{gaan} ~~in~~ die veelvuldige gebruik van die praesens dus blykbaar ^{gepaard met} ~~te wye~~ ~~aan~~ verswakking van gevoel vir

die praeteritumvorm. 'n Bewys hiervan word gevind in die oorwegende gebruik van die Praesens by die sterkwerkwoorde van die eerste ablaut klas, waartoe die meerderheid van die sterk werkwoorde wat Trichardt swak vervoeg, ook behoort.

Die Voltooid Verlede Tyd:

Om die voltooid verlede tyd uit te druk maak Nederlands gebruik van was of had plus die voltooide deelwoord. In Afrikaans vind ons dit nie nodig om deur verandering van die werwoordelike vorm aan te dui of 'n handeling in die verlede reeds verby was as dit in die aktiewe vorm gestel word nie, maar wel as dit in die passief gestel word. Om die voltooid verlede tyd in die passief uit te druk gebruik Afrikaans nog die Nederlandse vorm, n.l. was plus voltooide deelwoord. In die Aktiewe Vorm gebruik Afrikaans het plus die voltooide deelwoord vir alle werkwoorde. Die tyd word aangedui deur middel van vormwoorde, hoofsaaklik bywoorde van tyd, of dit blyk uit die verband.

In Trichardt se skryftaal vind ons dat die Nederlandse vorme in minder as die helfte van die gevalle gebruik word om die voltooid verlede tyd uit te druk. Had plus voltooide deelwoord word 348 maal gebruik teenoor 408 maal het plus volt. deelwoord, en 45 maal heef plus volt. deelwoord. Was plus volt. deelwoord word 135 maal gebruik, maar is plus volt. deelwoord 174 maal, en ben plus volt. deelwoord 9 maal.

In die direkte rede word die Nederlandse vorme oorwegend gebruik. Had plus volt. deelwoord kom 217 maal voor, b.v.: „De morgen kwam de Captijn met de res van de betaling die hij beloof had de dag te voren" (p. 186), „Zag wij dat het de spoor is die ik gezien had (p. 240), en was plus volt. deelwoord kom 102 maal voor, b.v.: „Hij zou de os gaan zoeken die de berg uitgestreken was" (p. 247). 'n Aantal van hierdie vorme kom natuurlik in die passief voor om voltooid verlede tyd uit te druk, b.v. „Enige dagen nadat zijn vrouw onder de aarde besteld was, vraag ik hem om Jan" (p. 69). Maar Trichardt gebruik ook die perfektum in die

passief, b.v.: „Ik merkte aanstons dat op ons enige argwaan gesteld is geworden" (p. 305). Is plus volt. deelwoord word ook in Afrikaans soms gebruik om die voltooid verlede tyd in die passief uit te druk, veral in 'n voorwerpsin.

Die perfektum word 'n hele aantal keer in die direkte rede gebruik om die voltooid verlede tyd uit te druk. Heb plus volt. deelwoord word 42 maal gebruik, is plus volt. deelw. 22 maal, en heef plus volt. deelw. 9 maal; b.v.: „Maakte ik een lijs van zielen die met mijn gekomen is daar de Goeverneur mijn om gevraagd heb" (p. 312), „Heb ik hem gesteurd om kwaggas te halen die ik de vorige dag geschoten heb" (p. 153), „Heel vroeg is Jan gegaan na de ooije te zien, die uitgebleven is de vorige dag" (p. 97), „Ik heb drie schapen gekregen, die de ongedierte verscheurd heef" (p. 123).

In die indirekte rede word die perfektum oorwegend gebruik. Was en had plus voltooid deelwoord is egter nog eensins verdring nie. Had plus volt. deelw. kom 114 maal voor en was plus volt. deelw. 32 maal. 'n Aantal hiervan druk indirekte voorverlede tyd uit, d.w.s. hulle vorm is onverskuif oorneem uit die direkte rede. In hierdie verband kom had en was plus volt. deelw. 24 maal en 9 maal onderskeidelik voor, b.v. „Zei hij dat hij met ouwe Botha in gesprek is gewees over de schadevergoeding die wij gekregen had" (p. 236), „Zei hij dat de kaffer gevlug was en nu ik weg is, gekomen ben (p. 135).

Trichardt gebruik egter die perfektum soms om die indirekte voorverlede tyd uit te druk, wat in die direkte rede reeds had of was kry, b.v.: „Zei Jan dat hij aan mijn gezeg heb dat wij vergeten heb ouwe Botha te vragen" (p. 209), „Ik vroeg haar of de kaffers gekomen is die gesteurd is" (p. 74).

Om die indirekte perfektum uit te druk gebruik Trichardt 90 maal had plus volt. deelw. en 23 maal was plus volt.

deelw., b.v.: „Hij zei dat hij zoo wel elanden gekregen had" (p. 131), „Dag ik dat het de wagter was geweest die een punt van zijn schapen daar gekeerd had" (p. 260). Maar hij gebruik baie meer die onverskuifde perfektum vir hierdie doel. Heb plus volt. deelw. word 256 maal gebruik, b.v. „Zei ik dat wij een schof terug trekken moet, overmits wij daar geen vliegen gezien heb" (p. 207); is plus volt. deelw. 145 maal, b.v.: „Zei hij dat jufr. Scheepers haar kalvers de avond te voren uitgebleven is" (p. 115); heef plus volt. deelw. 27 maal, b.v.: „Zei Albach dat zij zijn ketel om gelopen heef" (p. 230), en ben plus volt. deelwoord 4 maal, b.v.: „Ik zei dat wij verplicht ben haar een behoorlijk lijfstraf te geven" (p. 231).

Die belangrikste is ogter dat hy 4 maal het plus voltooid deelwoord gebruik: „Zei ik aan Anthonie dat hij zien moet om haar met hem mee te bring, en wat dat zij de eerste keer beloof het" (p. 233), „Zei ik dat zij bij de andere gaan moet, die de vee gejaagt het" (p. 181), „Daarop antwoorde ik, dat zoolang als de Bossemans bij hem het willen blijven,..." (p. 169), „Corolus zei dat hij met ouwe Botha het willen praten, dog dat de kwessie uit de wereld was die zij met elkaar gehad had" (p. 112).

Uit hierdie ondersoek blyk dat die voltooid verlede tydsvorm in Trichardt se taal aan die verdwyn was, en dat hy die perfektum ook gebruik om die voltooid verlede tyd uit te druk. Hy het blykbaar die nodigheid om by die werkwoord te onderskei tussen onvolt. verlede en volt. verlede tyd nie meer sterk gevoel, wat bewys word deur sy gebruik van die perfektum vir die indirekte voorverlede tyd. In die direkte rede word die voltooid verledetydsvorm nog oorwegend gebruik maar dit is blykbaar die invloed van die skryftaal tradisie. Hoe willekeurig sy gebruik van die voltooid verledetydsvorm is blyk uit 'n sin soos: „Ik zei hij zal dat uit korswillen gezegt hebben, wand ik had selfs de morgen op de spooren geloopt, en gezien waar die leeuw de wal uitgesprongen heb, toen Corolus die schoot deed" (p. 99).

Dit toon dat hy weinig, of geen verskil moes gevoel het tussen die gebruik van heb en had plus volt. deelwoord nie. Hieruit kan ons aflei dat die uitdrukking van die voltooid verlede tyd in sy spreektaal nie veel van die gebruik in Afrikaans verskil het nie.

Maar selfs in Nederlands word die perfektum soms gebruik om die voltooid verlede tyd uit te druk, die sogenaamde historiese perfektum: „We kunnen door een praesens historisch beschouwend terugzien op toestanden van het verleden. In verbinding met dergelijke praesensvormen kan ook het praesens van hebben of zijn plus part. perf. een in het verleden voltooide handeling beschrijven" (G. S. Overdiep: *Moderne Nederlandsche Grammatica*, p. 111). In Afrikaans en in Trichardt se taal word die historiese perfektum natuurlik dikwels gebruik om voltooid verlede tyd uit te druk. Die gebruik van die perfektum om die voltooid verlede tyd uit te druk is dus geen nuwe ontwikkeling in Afrikaans nie.

2. Die Aanvoegende Wys.

Hierdie wys word gebruik om 'n wenslikheid of moontlikheid uit te druk. In die Nederlandse skryftaal is daar nog vier tye van hierdie wys in gebruik maar in die spreektaal kom dit nog slegs in enkele uitdrukkinge voor, en die vorme van die aantonnende wys word gebruik om die aanvoegende wys uit te druk.

In Afrikaans bestaan daar geen afsonderlike vorme om die aanvoegende wys uit te druk nie, en die vorme van die aantonnende wys word gebruik.

In Trichardt se skryftaal kom 'n paar vorme van die aanvoegende wys nog voor: „Gelieve ons dan met een brief te melden" (p. 81), „Gelieve het aan den bringers te geven" (p. 82), „Gelieve alsdan de grootste nu te late komen" (p. 321), „Verzoeke wij u gunstiglijk ons met een brief te melden" (p. 41). Hierdie is formele uitdrukkinge wat in briewe voorkom en dus niks vir sy taalgebruik bewys nie. Ons kan dus aanneem

dat die vorme van die aanvoegende bewys reeds in sy spreektaal verdwyn het.

3. Die Gebiedende Wys:

In die Nederlandse skryftaal word die gebiedende wys uitgedruk deur die stamvorm vir die enkelvoud, en die stam plus -t vir die meervoud. In die beskaafde omgangstaal word die stamvorm vir enkelvoud en meervoud gebruik, behalwe voor die voornaamwoord u, waar dit die -t kry.

In Afrikaans word die perseons- of infinitiefvorm, ~~ge-~~
~~bruik~~ wat gewoonlik die stamvorm is, gebruik.

Trichardt gebruik die gebiedende wys maar selde, en alleen teenoor enkele persone. Hy gebruik egter die stamvorm, die stamvorm plus -t en die infinitiefvorm. Voorbeelde van stamvorm: „Ik zei aan hem: maar neem dan die" (p. 73), „Trek het met de passer rond, volgens de band, en kap het dan rond" (p. 153). Stam plus -t: „Zegt aan neef Gert dat ik Pieta met een span osse steuren zal" (p. 29), „Ik zei: slaat maar kind" (p. 104), „Zei ik: wagt, ik zal Louw vragen" (p. 82). Infinitiefvorme: „Stil houden!" (p. 287), „Gaan nu maar, zei hij aan de bode (p. 111).

Dié laaste voorbeeld is belangrik omdat dit in Afrikaans die enigste werkwoordvorm is, dog slegs enkele kere in Trichardt se taal voorkom. Hierdie voorbeeld sterk die moontlikheid dat die meervouds- of infinitiefvorm ^{van hierdie werkwoord} in sy spreektaal meer dikwels voorgekom het as in sy skryftaal. Dit lyk egter asof die stamvorm ongebruiklik was. Die ^{ander} vorme, met -t na 'n stamlose konsonant, is moontlik hipper-korrekte vorm wat nie in sy spreektaal voorgekom het nie.

H O O F S T U K 111.

DIE DEELWOORDE EN DIE INFINITIEF.

1. Die Onvoltooide Deelwoord:

Dit omskryf 'n handeling of toestand wat voortduur. In Nederlands word dit gevorm deur -d agter die infinitief te voeg. In Afrikaans word die onvoltooide deelwoord gevorm deur -ende of -de agter die infinitiefvorm te voeg.

In Afrikaans word die onvoltooide deelwoord egter baie selde met verbale funksie gebruik en dit word gewoonlik as naamwoord aangetref, veral as byvoeglike naamwoord.

Trichardt gebruik die onvoltooide deelwoord nog met verbale funksie, hoewel nie baie dikwels nie, b.v.: „Voer zij uit in schelt woorden en dreigementen reden voerende, zei....“ =? (p. 62), „als daar hij was soekende“ (p. 176).

Die onvoltooide deelwoord kom egter meer dikwels voor waar dit meer 'n naamwoordelike as 'n werkwoordelike funksie het, b.v.: „Was het lopend water (p. 199). Dit is merkwaardig dat die onvolt. deelw. twee maal voorkom sonder die uitgang: „een klijne riviertjie dat staan water had“ (p. 276), „had wij staan water“ (p. 286). Hierdie vorme kan ek nie verklaar nie behalwe as skryffoute. Aangesien die uitgang by die deelwoorde so selde wegval, veral na 'n nasaal, is dit onwaarskynlik dat so'n vorm in sy spreektaal voorgekom het. ?

2. Die Swak Voltooide Deelwoord:

Die voltooide deelwoorde van die Nederlandse swak werkwoorde word gevorm deur ge- voor, en -t of -d agter die stam van die werkwoorde te voeg. In Afrikaans het die dentale uitgang byna heeltemal verlore gegaan.

Van die 1073 swak voltooide deelwoorde wat in die

Dagverhaal voorkom, het 347 nie die dentale uitgang nie, d.w.s. ✓
32% van die totaal.

Die fonetiese wette wat by die persoonsvorme van die teenwoordige tyd gewerk het, het ook hier gewerk, en bepaal grootendeels die wegval of behoud van die dentale uitgang.

Van 310 swak volt. deelwoorde waarvan die stam op l, m, n, of r uitgaan, kry 306 die dentale uitgang. Hierdie wet het dus merkwaardig konstant gewerk sodat daar slegs 4 volt. deelwde. op l, m, n, of r voorkom sonder die dentale uitgang. Ons kan dus sê dat hy die dentale uitgang gebruik by die swak werkwoorde waarvan die stam uitgaan op l, m, n, of r, b.v.:
„Wij dagte alle dat hij de vee onheil gebeurd was" (p. 219),
„Ik hoorde dat zij de beste gedeelt had onder haar" (p. 185), „Toen zei Albach dat zij het verdient heb" (p. 230).

In Afrikaans is daar nog 'n oorblyfsel hiervan sigbaar. Waar voltooide deelwoorde as predikatief gebruikte byvoeglike naamwoorde diens doen, kry hulle die dentale uitgang as die stam uitgaan op l, m, n, en r of 'n vokaal. Dit geld alleen werkwoorde wat in Nederlands swak is. Trichardt gebruik slegs 'n halfdosyn volt. deelwde. waarvan die stam uitgaan op 'n vokaal, en hulle het almal die dentale uitgang, b.v.: Heb zij een assegaai door de bouijt gegooit" (p. 50).

Van die 763 volt. deelwoorde waarvan die stam op f, g, k, p of s uitgaan, kom 421 met, en, 341 sonder die dentale uitgang voor, d.w.s. 55% en 45% respektieflik, b.v.:
„Zei zijn twee grootste dat toen de kaffers haar verjaagt heb, zij na de Maquambas gevlugt is" (p. 278), „Mijn vrouw vraag mijn of Jan weet dat zijn Bossemans de schaaap geslagt heb, of ik hem dat gezeg heb" (p. 263); „Zei Albach dat hij alles gezeg had" (p. 48), „De volk die daar gewees is" (p. 101), „Heb Corolus voor de schapen een scherm gemaak" (p. 46).

Hierdie syfers sluit in die voltooide deelwoorde van die onreëlmatige sterk werkwoorde wie se volt. deelwoorde

op -t of -d uitgaan, sommige waarvan ook wisseling van die stamklinker het, b.v.: „Ik had twee slurpe medegebrag" (p. 87).

By die volt. deelwde. wat hy die meeste gebruik, vind ons die vorme met en sonder die dentale uitgang die volgende aantal kere gebruik: gebragt (64), gebrag (35); ge- maakt (44), gemaak (35); gevraagt (32), gevraag (23); geweest (18), gewees (67);. Dit toon dat sy gebruik van die vorme * met of sonder die dentale uitgang bloot willekeurig is, en dat hy weinig gevoel gehad het vir die voeging van die dentale uitgang na 'n werkwoordstam wat op f, g, k, p of s uitgaan. Ek veronderstel dat die dentale uitgang in sy spreektaal na f, g, k, p of s maar min voorgekom het.

In hierdie opsig het sy spreektaal dus blykbaar reeds baie ooreengestem met Afrikaans.

Daar kom 'n paar voltooide deelwoorde voor met die en-uitgang in plaas van die dentale uitgang: „Heb zij nog een tyd gewagten" (p. 161), „Zei hij dat zij die schaaap geslagten heb" (p. 117), „Heb ouwe Hans mij om kos gevragen" (p. 15), „Heb ouwe Strydom zijn kolen uitgebranden" (p. 128). Dit is blykbaar hipper-korrekte vorme en dui op onsekerheid oor die vervoeging van hierdie werkwoorde, en op die wegval van die en-uitgang by die sterk volt. deelw.

In Afrikaans kry byna alle werkwoorde, behalwe die waarvan die stam op 'n dentale akklusief uitgaan, -de of -te waar hul voltooide deelwoorde as attributief gebruikte byvoeglike naamwoorde diens doen. Trichardt gebruik die volt. deelw. nie dikwels ^{met} hierdie funksie nie, maar hy gebruik -de en -te alleen by swak werkwoorde, b.v.: „De gepasseerde nag was Jerimias zoo sleg" (p. 57).

Die dentale uitgang by die swak volt. deelw. was dus besig om langs fonetiese weg weg te val.

3. Die Sterk Voltooide Deelwoord:

In Afrikaans word die voltooide deelwoord van alle werkwoorde gevorm deur ge- voor die infinitiefvorm te voeg.

Die sterk voltooide deelwoorde word in Nederlands gevorm deur die voorvoegsel ge-, die agtervoegsel -e)n, en die wisseling van die stamklinker by party van die werkwoorde. Hier het dus in Afrikaans nie alleen defleksie plaasgevind nie, maar ook die belangrike verlies van die klinkerwisseling.

In die Dagverhaal kom daar 1143 voltooide deelwoorde van sterk werkwoorde voor, en slegs 30 van hulle vertoon afwyking van die Nederlandse vorm.

Die afwyking bestaan hoofsaaklik uit verlies van die en-uitgang. Die volgende uitganglose vorme kom voor; geloop (4) „is Jan hun voorgeloop" (p. 85), „was een van die kouijen teruggeloop" (p. 121), „zij zou de rug overgeloop hebben" (p. 134), „dat zij weggeloop is" (p. 157); gevang (4): „had de leeu een kouij gevang" (p. 23), „dat twee meiden gevang is" (p. 36), „die de leeu gevang heeft" (p. 286), „die leeu gevang had" (p. 284); geroep (2): „Heb Carolus de mensche by elkaar geroep" (p. 154), „heb hij Doors geroep" (p. 77); gekom (2): „dat zijn kaffers gekom is" (p. 42) „toen hij bij hem gekom is" (p. 169); geslaap (1): „daar wi j de nag geslaap had" (p. 156); gehoud (1): „heef Jan de bosseman vast gehoud" (p. 169); geleg (1): „die hond had al zijn tijd geleg" (p. 170); gefreet (1): „De gaten was bijna doorgefreet" (p. 93).

By die vorm gekom verskil die stamklinker natuurlik ook van die Nederlandse vorm, altans in Afrikaans, dog dit is onwaarskynlik dat Trichard die stamvokaal van die uitganglose vorm nog lank sou uitgespreek het. In Afrikaans het die vokaal van die werkwoordstam verander tot die van eerste-persoonsvorm van die teenwoordige tyd in Nederlands.

Die vorm geleg is blykbaar die volt. deelw. van die werkwoord leggen, wat, ^{soos} ek reeds aangetoon het, hy nie meer van liggen onderskei nie.

By twee sterk werkwoorde wat 'n swak preateritum neem, het die d van dē stam reeds in j oorgegaan, en die en-uitgang is vervang deur die dentale uitgang: „Had Jan gelaaid" (p. 141), „Hij had een lekker stuk pampoen gebraaid" (p. 136).

By 'n aantal sterk voltooide deelwoorde het behalwe die en-uitgang, ook die klinkerwisseling verlore gegaan: „Heb-
ben zij dat alles verhelp" (p. 126), „dat zij op Louw Albach
zijn schoot gezit heb" (p. 102), „Doors heb twee schoten mis
geschiet " (p. 111), „Hij het zijn bijl nog niet geslijp"
(p. 122), „Als de vee gezuip heb" (p. 200). Die werkwoord
schrikken word ook deurgaans swak vervoeg, en geschrik(t) kom
2 maal voor: „Hij zei dat de schapen zoo sterk geschrikt heb"
(p. 201), „dat de beste uit die kraal geschrikt is" (p. 134).

By 'n paar van die reeds genoemde gevalle word die
dentale uitgang gebruik in plaas van -en. So ook by lachen:
„dat zij om haar gelaet heb" (p. 62).

Trichardt se gebruik van voltooide deelwoordsvorme
by die werkwoord verliezen is eienaardig. Een keer vervang
die dentale uitgang die en-uitgang: „Hij brag tien schapen
die Katos de vorige dag verloord had" (p. 143). Dit dui daarop
dat verloor reeds die gewone vorm was in sy spreektaal. Ver-
loren kom egter ook tweemaal voor. Maar hij gebruik ook 'n
ander eienaardige vorm, verlies: „dat hij niets verlies heb" (p.
187), „daar hij niets verlies heb" (p. 193). Hierdie vorme
mag hipper-korrekte vorme wees, maar dan val die afwesigheid
van die uitgang moeilik te verklaar. Dit is egter onwaarskynlik
dat die vorm in sy spreektaal voorgekom het aangesien die vorm
met klinkerwisseling in Afrikaans behou is, en die Nederland-
se stam van die werkwoord verlore gegaan het.

In een geval het die klinkerwisseling verlore ge-
gaan maar nie die uitgang nie: „Pieta heef haar wagen gedrij-
wen" (p. 141).

Ons kan 'n juister begrip vorm van die mate van afwyking deur by elkeen van hierdie werkwoorde waarby daar afwykende vorme voorkom, die aantal ~~inkorrekte~~ met die aantal inkorrekte voltooide deelwoordsvorme te vergelyk: gekomen (106), gekóm (2); geschoten (78), geschiét (1); gevangen (21), gevang (4); gelopen (19), geloop (4); geholpen (7), verhelp (1); geroepen (4), geroep (2); gezetén (3), gezit (1); gehouden (4), gehoud (1); geladen (2), gelaaid (1); verloren (2), verlies (2), verloord (1); geslapen (1), geslaap (1); gezopen (0), gezuípt (1); gevreten (8), gevreét (1); geslepen (0), geslyp (1); gelegen (1), geleg (1); geschrokken (0), geschrikt (2); gebráden (0), gebraaid (1); gelachen (0), gelagt (1). Dit beyws dat die mate van afwyking maar gering is, en dat slegs 5 voltooide deelwoorde van die sterk werkwoorde nooit in sy korrekte vorm voorkom nie.

Daar kom 'n paar vorme voor sonder die slot -n: „Een ingespanne span osse" (p. 216), „Toen ik uitgespanne was" (p. 303), „De weggeloope vrouw" (p. 35). Dit is opmerklik dat met uitsondering van hierdie twee gevalle Trichardt die volt. deelwoordvorm suiwer gebruik waar dit 'n naamwoordelike funksie verrig.

Die hoof kenmerk van sy gebruik van die sterk voltooide deelwoord is die suiwer Nederlandse vorm daarvan. Die aantal inkorrekte vorme maak slegs 2½% van die totale aantal voltooide deelwoordsvorme van sterk werkwoorde uit. Slegs by ses werkwoorde kom daar volt. deelwoordsvorme voor sonder die klinkerwisseling. In sy gebruik van hierdie vorm staan sy taal die naaste aan Nederlands.

Die aantal inkorrekte vorme wat voorkom laat my egter vermoed dat in sy spreektaal die neiging om die voltooide deelwoord te vorm deur ge- voor die stam te voeg, sterker moes gewerk het. Ek is egter nie van mening dat sy spreektaal die huidige toestand in Afrikaans gereflekteer het nie, omdat

sy gebruik van die sterk volt. deelw. in sy skryftaal ^{byna} suiwer Nederlands is.

4. Die Infinitief:

In Afrikaans stem die infinitiefvorm in die reël ooreen met die stamvorm van die werkwoord, en dit is waarskynlik dat 'n groot deel van die sprekers van Afrikaans nie daarvan bewus is, wanneer hul 'n infinitief gebruik nie, behalwe miskien in die gevalle waar dit voorafgegaan word deur 'n voorsetsel.

In Nederlands word die infinitiefvorm gevorm deur -en agter die stam van die werkwoord te voeg, maar in die spreektaal gaan die n van die en-uitgang dikwels verlore.

In Trichardt se skryftaal val dit ons op dat die infinitiefvorm so suiwer voorkom. Uit 'n ondersoek blyk dat van bladsy 1 tot 100 daar 451 vorme op en, 58 op -e en 20 sonder enige uitgang voorkom.

Van bladsy 101 tot 200 kom 801 vorme op -en, 50 op -e en 7 sonder uitgang voor.

Van bladsy 275 tot 324 kom daar 518 vorme op -en, 26 op -e en 3 sonder uitgang voor.

In die hele Dagverhaal kom daar slegs 52 infinitiewe voor sonder enige uitgang, en wel laat (20), kom (3), trek (3), wees (3), bring (2), maak (2), en druis, gebeur, help, lij (lig) loop, looi, luister, ontleen, ondersoek, regen, soek, stel, steur, schinder, sloop, uitspan, weet, werk en wegslinger elk eenmaal.

Van die 452 infinitiewe wat geen uitgang het nie, kom 340 met 'n werkwoordelike funksie voor, en 7 met 'n naamwoordelike funksie.

Sestien van hierdie infinitiewe kom voor na modale hulpwerkwoorde, b.v.: „Maar wij wou niet kom” (p. 264), „hij zouw uit wees met een paard” (p. 28), „waar zal ik loop” (p. 162), „Ik vraagte hem waar ik nu langs trek moet” (p. 271), „ik moes die dag voor Jeremie veldschoenen maak” (p. 114).

Vier-en-twintig

~~Agities~~ van hierdie infinitiewe sonder uitgang kom voor na hulpwerkwoorde van tyd, b.v.: „ik zal Pieta morgen met de osse steur" (p. 29), „Zal wij aan de regterhand wegslinger" (p. 181). Sestien van hierdie infinitiewe staan voor ander infinitiewe in die plek van verlede deelwoorde, b.v.: „Heb Rossetoe zijn vrouwe laat halen" (p. 18), „Heb ik haar laat afslagten" (p. 280), „De kaffer die kom zeggen is" (p. 108), „Heb wij die vier ossen laat uitklimmen" (p. 232).

Sewe van die uitganglose infinitiewe het 'n naamwoordelike funksie, b.v.: „Als een rondgaat om alles te schinder" (p. 231), „zonder met hem een twistreden te zoek" (p. 44), „dat ik komen zal om de zaak eers te onderzoek" (p. 63), „Wij had soldate om ons te help" (p. 320), „Kaalkop heef be loof om Poemlana te bring" (p. 11).

Daar kom vyf van hierdie vorme voor na selfstandige werkwoorde, b.v.: „De avond hoorde wij donderweer druis" (p. 141), „heb ik Carolus aan zijn wagetrap zien werk" (p. 70), „laat mijn vrouw hem weet" (p. 54).

Daar kom 'n paar ander inkorrekte infinitiewe voor wat die vorm het van die derdepersoon enkelvoud: „Ik zei dat wij de middelrug opgaan zal en ziet hoedanig die is" (p. 227), „Ik zal gaan en ziet waar de spoor na toe gaat" (p. 254), „Hij zal ook in zijn huis gaat" (p. 49), „wou ik uitgaat" (p. 48), „Probeer doet hem kwaat" (p. 104).

In hierdie gevalle is die infinitief meestal verwyder van die hulpwerkwoord en hy het blykbaar al vergeet toe hy by die infinitief kom, watter vorm hy moes skryf. Dit wys in elk geval op verswakking van gevoel vir die infinitief.

Ons sien dat die inkorrekte infinitiefvorme oor byna die hele gebied van die infinitief verbreed is. Daar kom egter nooit 'n inkorrekte infinitiefvorm voor wat diens doen as 'n selfstandige naamwoord nie. Ons vind die infinitief

ook nog as werkwoord gebruik om 'n gebod uit te druk: „Stil houden!” (p. 287) ✓

Die inkorrekte infinitiefvorme maak $2\frac{1}{2}\%$ van die totale aantal infinitiefvorme uit. Dit bewys 'n besondere graad van suiwerheid in sy gebruik van die infinitiefvorm. Maar die aantal inkorrekte vorme dui 'n ingrypender afwyking aan as wat die geringe persentasie te kenne gee. Die feit dat die uitganglose vorm voorkom, en in so'n getal, gee te kenne dat daar 'n neiging in sy taal moes gewees het vir die uitgang om verlore te gaan, en die neiging het in sy spreektaal waarskynlik sterker uiting gevind as in sy skryftaal.

Die infinitiefvorme op -e lewer egter 'n probeelm op. Die vorm op -e is nie die skryftaalgewone vorm nie, en gevolglik moet daar 'n ander beweegrede vir hom gewees het om die vorm te gebruik. Die mees aanneemlike verklaring van hierdie vorme is dat hulle spreektaalvorme was, soos in Nederlands.

Hierdie veronderstelling vind steun by die toestand by die werkwoord laten, wat ver die meeste sonder enige uitgang, sowel as op -e, voorkom, n.l.: laten (41), late (127), laat (20). Dit gee die indruk dat die dentale uitgang eers weggeval het, en toe die -e. Die ander werkwoorde bied egter weinig ooreenkoms met laten. Die werkwoord blyven kom die tweede meeste op -e voor in die infinitief, n.l. 14 maal teenoor 47 maal blyven. Die vorm sonder uitgang kom egter nooit voor nie. Daar is dus onvoldoende bewyse om op grond van die aantal vorme die gevolgtrekking te maak dat die infinitiefvorm eers die -n van die uitgang verloor het, en toe die -e.

Daar is egter 'n ander faktor waarop ons moet let, en dit is die gebruik van die vorme op -e. Van die 180 infinitiefvorme op -e, kom 94 voor na hebben of zijn en voor 'n volgende infinitief, d.w.s. waar die deelwoord in die vorm van 'n infinitief oorgaan, b.v.: „Ik heb zitte wachte” (p. 204), Heef ik u leere kennen” (p. 162), „Is twee beeste blyve staan” (p. 32). „Heb ik hem laate weeten” (p. 37). Waar die infi-

nitiefvorm die volt. deelwoordvorm vervang, sal sy gevoel vir die infinitiefvorm waarskynlik die swakste gewees het, aangesien 'n ander infinitief volg. Dit is opvallend dat die tweede infinitief slegs drie maal op -e uitgaan. Dit is dus waarskynlik dat die vorm wat hy vir die eerste infinitief gebruik, sy spreektaalvorm sal wees, of liever, dat sy spreektaalvorm hier groter invloed sal uitoefen as elders. Hierdie veronderstelling word gesteun deur die feit dat van die 20 uitganglose infinitiefvorme van laten, 15 voorkom waar die deelwoord in die infinitiefvorm oorgaan. Aangesien die meerderheid van die aantal vorme van laten op -e ook in hierdie posisie voorkom, lyk dit tog moontlik dat langs hierdie weg die uitganglose vorm kon ontwikkel het.

Van die orige 86 vorme op -e, kom 59 voor na 'n ander hulpwerkwoord as hebben en zijn, of na te of om te, en voor 'n volgende infinitief, b.v.: „kon ik de schapen niet late vreten" (p. 234), „dat wij de vrouwen en de man zal laate gaan" (p. 264), „Kwan Pieta mijn zeggen, dat tante Antje mijn laate vragen, om haar te laate helpen tot bij ons" (p. 149). Ons sien dus dat van die 180 infinitiefvorme op -e, 153 voorkom onmiddellik voor 'n volgende infinitief, en ons mag dus aflei dat hy die eerste infinitief nie as 'n infinitief gevoel het nie, of ^{nie}sterk genoeg om die skryftaalvorm in alle gevalle te gebruik nie.

Dit lyk dus waarskynlik dat die vorme op -e in sy spreektaal voorkom het en as gevolg daarvan ook in sy skryftaal. Maar daar kom enkele vorme op -e voor by die werkwoorde doen en gaan, b.v. „Jan is gaane jagten" (p. 98), „Zei ik aan hem dat hij het niet doene moet" (p. 92), „Hij zei dat Sakanna het doene zal" (p. 40). Hierdie vorme kan as bewys aangevoer word dat die vorm op -e wel 'n skryftaal vorm is, wat Trichardt willekeurig gebruik. Daar kom egter maar vyf sulke

forme voor, sodat dit moontlik is dat dit na analogie van die ander forme onbewus ontstaan het. 'n Infinitiefvorm gaene kom ~~egter~~^{ook} by Bredero voor (Nauta, p. 72).

'n Aanduiding dat hy suiwerder Nederlands geskryf het as wat hy gepraat het, en dat hy nie baie seker was van die vervoeging van die werkwoorde doen, gaan, staan, slaan en zien nie, is hipper-korrekte forme soos b.v.: „Maar ik kon hem niet mooi zienen” (p. 56), „dat hij geen kwaad doenen moet (p. 279), „dat ik zelf na hem toe gaanen zal” (p. 60), „dat zij hem de kop inslaanen zal ” (p. 45). Die vorm doenen kom 5 maal voor, zienen 3 maal, en slaanen en gaanen elk 2 maal.

Trichardt se skryftaal, wat die infinitief betref, is dus blykbaar suiwerder as sy spreektaal, maar hy het ongetwyfeld nog 'n besonder sterk gevoel vir die infinitief gehad.

'n Interessante kenmerk van Trichardt se skryftaal is dat die vorm zijn byna verdring is deur wezen. Wezen kom 88 maal voor maar zijn slegs 8 maal. Dit is in ooreenstemming met wat ons van Afrikaanse standpunte sou verwag, daar zijn in Afrikaans verlore gegaan het.

'n Ander interessante verskynsel is die sogenaamde parataktiese konstruksie: „De morgen lij (lag) hij dig bij de wagen en slaap” (p. 195). Hierdie konstruksie dateer uit Middelnederlands en is ook in sewentiende-eeuse Hollands gebruik, maar is vervang deur te plus die infinitief in Nederlands. In Afrikaans ken ons natuurlik net die parataktiese konstruksie. Trichardt gebruik slegs een maal hierdie konstruksie en een maal die Nederlandse konstruksie. „Hij zei dat hij haar onder een bos kreeg, dat zij lij te slapen” (p.204). Hierdie konstruksie toon dat hy nog 'n sterk Nederlands gekleurde taal gepraat het, of dat hy 'n taamlike deeglike kennis van Nederlands moes gehad het, wat nie ooreenstem met die afwesigheid van persoon- en getalsverskil in sy taal ~~nie~~^{nie} by die werkw. nie.

Die gebruik van die vorme doet, gaat en ziet in die infinitief is 'n sterk argument ^{daarvoor} dat dit die gebruikelike en miskien die enigste persoonsvorme van hierdie werkwoorde was in sy spreektaal.

Na sy gebruik van die infinitief geoordeel, was die infinitiefvorm blykbaar besig om langs fonetiese weg die uitgang te verloor.

H O O F S T U K I V .

SPREK- OF SKRYFTAAL?

Die waarde van Trichardt se dagboek uit 'n taalkundige oogpunt hang af van die mate waarin hy sy spreektaal in die Dagverhaal weergegee het. Om dit vas te stel is egter 'n moeilike, so nie onmoontlike taak. Dit is ^{moontlik} ~~waarskynlik~~ dat hy so suiwer Nederlands geskryf het as hy kon, en dus moet ons probeer vasstel hoe deeglik sy kennis van Nederlands was.

Trichardt se jeug is deurgebring in die omgewing van Graaff-Reinet gedurende die woelige tydperk om die einde van die 18e eeu. Ongeveer sewe jaar van sy jeug is selfs deurgemaak oor die grens van die kolonie, in die ontoeganklike streke oos van die Visrivier. Sy skoolopleiding was dus blykbaar nie van lange duur nie, en waarskynlik herhaaldelik onderbreek. Hoe deeglik die opleiding was, is onseker, maar dit kon nie veel meer as onderrig in lees, skryf en reken gewees het deur 'n sieketrooster of rondtrekkende „meester" nie. 'n Baie deeglike kennis van Nederlands het hy waarskynlik nie opgedoen nie.

Veel kans het hy waarskynlik nie gehad om sy skryfkuns te beoefen nie, en sy leesstof sal hoofsaaklik tot die Bybel beperk gewees het. Dit is onwaarskynlik dat hy sy kennis van Nederlands onder sulke omstandighede suiwer sou bewaar, en dit het waarskynlik hoe langer, hoe gebrekkiger geword, en die kennis wat hy behou het, het waarskynlik bestaan uit 'n paar uiterlike vorme, ^{behalwe die wat nog in sy spreektaal lewendig was.} Sy gevoel vir die gebruik van die Nederlandse ^{wat nie in sy spreektaal voorgekom het nie,} vorme ^{moes} al meer verswak het met verloop van tyd.

Nog 'n moontlikheid wat in aanmerking geneem moet word, is dat Trichardt se spreektaal meer Nederlandse karakter vertoon het as die van sy kinders, maar dit veronderstel natuurlik dat die ontwikkelingsproses van Afrikaans nog nie afgeloop was nie.

Dit word taamlik algemeen aangeneem dat Afrikaans reeds teen die einde van die 18de eeu sy huidige vorm gekry het, terwyl sommige selfs meen dat die ontwikkelingsproses voor die middel van die 18de eeu afgeloop was. Hierdie menings is egter nog nie bewys nie. Dit is van belang dat daar stukke bestaan wat uit dieselfde tydperk as Trichardt se dagboek dateer, wat in byna suiwer Afrikaans geskryf is, en wat blykbaar bewys dat Afrikaans teen daardie tyd sy huidige vorm reeds gehad het.

In Trichardt se Dagboek vind ons ook voorbeelde van suiwer Afrikaans, sover dit die vormleer betref, in die taal van Albach, die uitlander, waarskynlik van die Frans-Duitse grens, wat met 'n bastermeid getroud was. Hy praat 'n gebroke taal, maar dis opvallend dat die werkwoordelike vorme, wat hy gebruik, ooreenstem met die Afrikaanse vorme. Alle uitgange het verlore gegaan, behalwe by die werkwoorde doen, staan en gaan, waar die Nederlandse infinitiefvorm vir die infinitief en vir alle persone gebruik word, met uitsondering van een geval waar k(g)aat voorkom by die eerste persoon enkelvoud. Die stamvorm ^{van die ander werkwoorde} word as enigste persoons- en infinitiefvorm gebruik, b.v.: „Gister ik kom by ou Hendrik, ik vra waar die os. Ik wil somar stuur, hij moet loop kijk". P. 86).

By die werkwoord zijn word alleen is in die onvolt. en volt. teenw. tyd gebruik, en was in die onvolt. en volt. verlede tyd. By hebben kom egter drie vorme voor: heb (1), het (7), had (14); al hierdie vorme word by 'n volt. deelw. gebruik, b.v.: „Dat heb ik kezee" (p. 169), „Hij het twee vellings in mijn waa gezet" (p. 89), „Gister ik het kemaak een tank" (p. 89), „Eenmaal ik had zoo kakrij:- ik had kevrij een weedvrou" (p. 110).

Die ~~vert.~~ deelwoord word altyd gevorm deur ge-, (ke) voor die stam van die werkwoord te voeg, behalwe in een geval, „kedaan” (p. 169).

Die praeteritum, met uitsondering van had en was, kom nooit voor nie. Die praesens word in die reël gebruik, soms met 'n tydsbepaling, maar nooit met toe nie, b.v.: „Ik zoo door keloop, ik kom bij die krans weer, hier onner, kom ik donker daar” (p. 134).

Die werkwoordelike stelsel in Albach se taal is dus byna suiwer Afrikaans. Die vraagstuk is of Albach se taal van die van die ander lede van die trek verskil het, of, wat die vormleer betref, daarmee ooreengestem het. Trichardt moet 'n taamlik sterk beweegrede gehad het om sy taal so sorgvuldig weer te gee. ^{Albach} Sy woordorde en sinsbou is wel eienaardig, maar dit alleen is, volgens my oordeel, nie genoegsame rede om sy taal so sorgvuldig weer te gee nie. As Trichardt se eie spreektaal, wat werkwoordelike vorme betref, ooreengestem het met Albach sin, waar-gee hy Albach se vorme so juis weer as hy alleen sy eienaardige woordorde en sinsbou wou weergee, en vernederlands Trichardt dit nie soos hy met sy eie taal maak nie? Die feit dat Trichardt Albach se werkwoordelike vorme so deurgaans ^{gedeflekteerd} en blykbaar getrou weergee, dui daarop dat hy dit eienaardig gevind het. Daar bestaan dus die moontlikheid dat Albach se taal Hottentots-Nederlands of Vreemdelinge-Nederlands was. Dit wys in elk geval dat Trichardt met so 'n taalvorm wat gedeflekteerd en analities was, in aanraking was.

(n Juister gevolgtrekking oor die verhouding van sy skryftaal tot sy spreektaal kan egter bereik word deur die teks self te ondersoek.

'n Oppervlakkige beskouing van die werkwoordelike ver-voeging van Trichardt se skryftaal gee die indruk dat hy reeds suiwer Afrikaans gepraat het maar dat hy die Nederlandse vorme, waarvoor hy skynbaar geen gevoel meer gehad het nie, sover as moontlik probeer gebruik het. Dit vind ^{steun by} ~~bevestiging~~ in die

hipper-korrekte vorme wat voorkom.

'n Nadere beskouing lewer egter sterk argumente teen so'n veronderstelling op. As ons Trichardt se persoonsvorme beskou, vind ons dat die meervoudsvorme, sowel die gevorm met die en-uitgang, die met die n-uitgang as 'n onreelmatige vorm soos zijn, baie selde voorkom, wat in stryd is met 'n bewuste poging om Nederlands te skrywe. By die enkelvoudsvorme sien ons ook dat die stamvorm twee maal soveel gebruik word as die vorm met -t, wat hy as die kenmerkende Nederlandse vorm sou beskou het. By die werkwoord zijn maak is 88% van die totale aantal vorme van die werkwoord uit, wat die indruk gee dat hy sy spreektaal taamlik getrou weergegee het.

'n Ander argument vir spreektaalinvloed is die werking van fonetiese wette wat nie aan 'n poging tot korrekte Nederlands toegeskrywe kan word nie, daar hierdie fonetiese wette nie betrekking het op Nederlands nie. Daarenteen is in Afrikaans oorblyfsels van hierdie fonetiese werkinge bewaar, wat dus laat vermoed dat hierdie fonetiese werkinge in die spreektaal gedurende die wordingsjare van Afrikaans moes voorgekom het.

Die suiwer Nederlandse vorme van Trichardt se infinitiewe en sterk voltooide deelwoord bewys 'n sterk gevoel vir hierdie vorme. By altwee vorme val die en-uitgang slegs by 2 $\frac{1}{2}$ % van die totale aantal vorme weg. Dit laat my dink dat Trichardt nog 'n baie deeglike kennis van Nederlands gehad het, maar die toestand van sy taal met betrekking tot die persoonsvorme getuig teen so'n moontlikheid. 'n Belangriker kenmerk van sy sterk voltooide deelwoorde is egter die bewaring van die klinkerwisseling in die groot meerderheid van gevalle, wat sterk getuig teen die moontlikheid dat hy Afrikaans gepraat het en met 'n gebrekkige kennis Nederlands wou skryf.

Ook by die uitdrukking van die verlede tyd vind ek bewyse dat hy sy spreektaal taamlik getrou weergegee het. Hy gebruik nog wel die praeteritum en het 'n besonder deeglike ken-

nis van die sterk praeterita. .

Nog[→]tans gebruik hy die historiese praesens vir 40% van die gevalle om die onvolt. verl. tyd uit te druk. Dit is geensins te vereenselwig met 'n poging om korrek Nederlands te skryf nie maar gee baie waarskynlik die toestand in sy spreektaal weer. Om die volt. verl. tyd uit te druk gebruik hy ook slegs vir 43% van die gevalle had en was plus volt. deelw.

Die ongelyke karakter van sy taal wat betref die ver-voeging, naamlik die verdwyning van persoons- en getalsverskil, en daarteenoor die groot mate van suiwerheid van die praeteritum, die infinitief en sterk volt. deelw. dui op weergawe van die spreektaal. Hoewel ek nie Trichardt se skryftaal as 'n getroue weergawe van sy spreektaal wil beskou nie, is ek van mening dat dit in 'n groot mate wel die geval is.

H O O F S T U K V.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVOEGING.

Dit is van belang om die vervoeging in Trichardt se taal nader te beskou met die oog op die ontwikkeling van die Afrikaanse vormleer, meer bepaald die werkwoordelike stelsel. Dr. T. H. le Roux meen dat „die groot uiterlike verskil sit daarin dat Afrikaans in sy vormleer soveel eenvoudiger, d.i. meer gedeflekteerd uitsien as Nederlands" (Beschryvender Klankleer van Het Afrikaans, p. 12-13).

Verskeie teorieë is gepropageer om die ontwikkeling van die Afrikaanse vormleer te verklaar, en dit is miskien gerade om die belangrikste teorieë hier aan te dui en Trichardt se vervoeging in die lig daarvan te beskou. Dr. Kruisinga en Dr. Boshoff neem hoofsaaklik spontane ontwikkeling aan. Dr. Bosman neem spontane ontwikkeling aan maar ook die invloed van Vreemdelinge-Nederlands op Nederlands. Dr. Hesselning neem hoofsaaklik invloed van Maleis-Portugees aan.]

→ In Trichardt se vervoeging bestaan die grammatikale kategorieë van persoon en getal nie meer nie, terwyl die ander nog betreklik suiwer Nederlands is. Hieruit kan ons aflei dat vereenvoudiging vroeër plaasgevind het by persoons- en getalsverskil as by ander vorme. Dit is wat ons van 'n logiese standpunt sou verwag daar persoons- en getalverskil by die werkwoord onnodig is, aangesien die persoonlike voornaamwoorde en selfst. naamwoorde wat by die werkwoord gebruik word, voldoende is om persoon en getal aan te dui. Ek Haal Jespersen se beskouing hieroor aan: „The historian examines his text over various centuries and finds a growing tendency to neglect the forms distinctive of number, etc. And then the linguistic

philosopher may step in and say that the demand for concord in these cases (between a substantive and its adjective and between a subject and its verb) is simply a consequence of the imperfection of language, for the ideas of number, person, gender and case belong logically only to primary words and not to secondary ones like adjective and verb. So far, then, from a language suffering any loss when it gradually discards these endings in adjectives and verbs which indicated this agreement with the primary, the tendency must, on the contrary, be considered a progressive one, and full stability can be found in that language alone which has abandoned all these clumsy remnants of a bygone past" (Philosophy of Grammar, p. 345).

Dr. Kruisinga neem fonetiese prosesse aan as verklaring van verlies van ^{getal- en}persoonsverskil by die werkwoord. Hy sê: „Het verlies van de meervoudsuitgang -en is natuurlik genoeg, als we bedenken dat het Hollandse dialekt algemeen sedert eeuwen reeds de -n verloren heeft. Vandaar tot het algemene verlies van de uitgang is maar één schrede, die ook het Hollands wel eenmaal zal doen" (De Oorsprong van Het Afrikaans, Taal en Lett., p. 423).

In Trichardt se taal kom nog slegs enkele meervoudsvorme voor, en dit lyk meer waarskynlik dat as gevolg van onsekerheid en verwarring, wat reeds in 17de eeuse Nederlands bestaan het, die meervoudsvorme deur die enkelvoudsvorme verdring is. Die verlies van persoons-verskil in die enkelvoud het waarskynlik wel langs fonetiese weg ^{geskied}weggeval. Trichardt se gebruik laat my egter vermoed dat die stamvorme en vorm met -t, as gevolg van onsekerheid, as dubbelvorme by elke persoon gebruik is vóór die wegval van die -t langs fonetiese weg.

Dr. Bosman meen dat spontane ontwikkeling die toestand in Afrikaans kon teweegbring het maar beskou invloed van Vreemdelinge-Nederlands as moontlik. Wat betref die Vreem-

delinge-Nederlands^{teorie} sê dr. Boshoff: „Ek glo, dat Dr. Bosman hier uitgegaan het van 'n beskouing wat by 'n groot getal geleerdes te vind is. Hulle gaan van die veronderstelling uit dat by adaptasie van 'n vreemde taal die buigings- en vervoegingsuitgange nie nagevoel word nie, en dus eers verwar word en daarna verdwyn. Die woordstam wat die woordaksent dra, bly dan fleksieloos bewaar" (Volk en Taal, p. 79). Hierdie fleksielose vreemdelinge-Nederlands sou waarskynlik die defleksie van Nederlands verhaas het.

Dr. Boshoff glo egter nie dat die geadapteerde Nederlands fleksieloos sou gewees het nie. Hy neem aan (dat: „'n geadapteerde vorm van 'n sterk flekserende taal hoef nie 'n deflekterende neiging te vertoon nie", en dat: „fleksieverwarring staan nie gelyk met defleksie nie" (Volk en Taal, p. 81). Hy sê: „Die verskillende vorme van geadapteerde Afrikaans op Afrikaans kan m.i. dus die omvang van sekere analogie-werkinge in Afrikaans help verklaar, maar nie die defleksieverskynsels nie" (Volk en Taal, 9. 81). Die verlies van persoons- en getalsverskil skryf hy dus blykbaar toe aan verswakking van gevoel en gevolglike verwarring en gelykmaking, of/en fonetiese prosesse.

Dr. Hesseling skryf die vereenvoudiging van die werkwoorde toe „aan botsing met een vreemde taal, en wel in die eerste plaats aan het in Zuid-Afrika in die 17de eeu so veel gehoorde en gesproke Maleis-Portugees, hoewel niet aan de taal als zodanig" (Het Afrikaans, p. 123). Hy meen dat die vreemdelinge, weens onmag om die rykdom aan vorme weer te gee, toevlug geneem het tot die stam van die werkwoord. Hierdie stamvorme sou dan in die taal van die blankes oorgegaan het. Hierdie teorie vind geen steun in Trichardt se taal nie. Die feit dat fonetiese wette die persoonsvorme bepaal is 'n genoegsame bewys dat so iets nie kon plaasgevind het nie.

Die defleksie by die swak volt. deelw. verklaar Dr. Kruisinga ook as 'n fonetiese proses: „Ook by het verl. deelw. is die eind -t langs fonetiese weg verloren gegaan; daarom kom^tde -t by verbuiging weer voor den dag: 'n verwoeste huis" (De Oorsprong, Taal en Lett., p. 424). Trichardt se gebruik steun hierdie verklaring aangesien die dentale uitgang byna uitsluitlik na stemlose konsonante wegval. Die mate waarin die dentale uitgang nog voorkom, skakel die moontlikheid van oorname van stamvorme of selfs invloed van fleksielse vorme uit.

By die sterk volt. deelw. neem Dr. Bosman vreemde invloed aan omdat in Afrikaans nie alleen die uitgang nie, maar ook klinkerwisseling by baie werkwoorde verlore gegaan het. Trichardt se vorme bied egter geen steun vir hierdie veronderstelling nie. Van die klein aantal sterk volt. deelwoordsvorme wat hul klinkerwisseling verloor het, behou sommige die *en-uitgang of kry die dentale uitgang, wat dus dui op eenvoudige verswakking van sterk werkwoorde, wat in Nederlands ook voorkom, soos ek aangedui het. Die wegval van die *en-uitgang by 'n aantal *vorme is moeilik te verklaar. Blykbaar kan dit die gevolg van 'n fonetiese proses wees. Die invloed van die swak volt. deelw. kan hier gewerk het aangesien die en-uitgang ook hoofsaaklik na 'n stemlose konsonant wegval. Maar daar is ook die moontlikheid van invloed van fleksielse vorme van Vreemdelinge-Nederlands.

By die infinitief is daar die moontlikheid van 'n fonetiese proses wat die wegval van die uitgang bewerk het. Die n-uitgang het blykbaar eerste verlore gegaan, wat ook in Nederlands voorkom, en daarna is die wegval van die -e bewerk. Hier is inwerking van fleksielse vorme van Vreemdelinge-Nederlands ook moontlik. Die suiwerheid van die sterk volt. deelwoords- en infinitiefvorme maak oorname van stamvorme soos Dr. Hesseling verwag, onwaarskynlik.

Wat die verlies van uitgange betref, maak Trichardt se werkwoordelike vorme spontane ontwikkeling baie waarskynlik met 'n moontlike inwerking van fleksielose vorme van vreemdelinge-Nederlands. Hierdie inwerking kon egter nie baie sterk gewees het nie aangesien die vorme in Trichardt se taal nog so suiwer is, en hy nog so 'n sterk gevoel vir die Nederlandse vorme het.

Die verlies van die praeteritum in Afrikaans beskou Dr. Bosman as „byna ondenkbaar, sonder om vreemde invloed aan te neem. Hoogstens sou 'n mens verwag dat alle sterk werkwoorde swak sou geword het" (Afrikaans en Maleis-Portugees, p. 107). Dr. Kruisinga meen dat vreemde invloed moontlik is maar nie waarskynlik nie. Dr. Hesseling skryf die verlies van die Nederlandse praeteritumvorme nie toe aan Maleis-Portugees as sodanig nie, maar hy meen nie dat die verdwyning van die praeteritum toegeskryf word aan 'n toenemende gebruik van die historiese praesens nie.

In Trichardt se taal is die praeteritum nog lewendig en Trichardt openbaar 'n besonder goeie kennis van die sterk praeteritumvorme. By twaalf sterk werkwoorde kom swak praeterita voor maar slegs by drie van hul kom die sterk praeteritum nooit voor nie. Nogtans word die praeteritum vir slegs 60% van die gevalle gebruik om die onvoltooid verlede tyd uit te druk, terwyl die historiese praesens vir 38%, en die perfektum vir 2%, van die gevalle gebruik word. Die praesens word vir 30% van die gevalle by die swak werkwoorde gebruik, vir 40% by die sterk werkwoorde, en vir 47.5% by die onreelmatige sterk werkwoorde. Dit toon 'n sterker neiging om die praesens te gebruik by die moeiliker vorme, moontlik omrede verswakking van gevoel vir die sterk vorme.

Dit is van belang dat Trichardt die praesens in die indirekte rede na 'n hoofsin in die verlede tyd vir 90% van die gevalle gebruik. Dit toon verswakking van gevoel vir die verskuiwing van die tydvorme in die indirekte rede na 'n

verlede/tydsvorm. In Afrikaans vind daar feitlik nooit ver-
skuiwing van tydsvorme in die indirekte rede plaas nie, selfs
nie by die werkwoorde wat hul praeterita behou het nie. Dit is
moontlik dat vreemdelinge-Nederlands, wat waarskynlik alleen
die stamvorm van die werkwoord gebruik het, hier die eerste sy
invloed laat geld het.

Dr. Bosman sê: „Miskien ook is die vorme wat die
imperfektum moes vervang, al ontwikkel nog voor die totale ver-
lies van die tyd". (Afrikaans en Maleis-Portugees, p. 105).
Trichardt se taalgebruik bewys blykbaar dat dit wel die geval
was. In werklikheid het Afrikaans nie vorme ontwikkel om
die praeteritum te vervang nie, aangesien die praesens en die
perfektum albei in Nederlands soms gebruik word om die onvol-
tooid verlede tyd uit te druk. Hierdie gebruik het in Afri-
kaans alleen uitbreiding gekry, wat ons ook in die Hollandse
volkstaal opmerk. Dit is ook heel natuurlik dat in 'n taal
wat 'n proses van vereenvoudiging deurmaak, die meer anali-
tiese vorme uitbreiding sal kry.

Maar dit is ook moontlik dat uitbreiding van die
gebruik van hierdie analitiese vorme verantwoordelik was vir
die verdwyning van die praeteritum, wat onnodig geword het.
Trichardt se taalgebruik steun hierdie veronderstelling aange-
sien die praesens so baie gebruik word langs die praeteritum .

Invloed van Vreemdelinge-Nederlands het die gebruik
van die praesens waarskynlik bevorder. Hierdie invloed kan
egter nie die kern-oorsaak van die verlies van die praeteritum
gewees het nie omdat Afrikaans die praeteritum behou het waar
die gebruik van die analitiese vorme onmoontlik of ongeskik
was.

Die uitbreiding van die gebruik van die praesens en
die perfektum, en die verdwyning van die praeteritum het dus
blykbaar gelyktydig plaasgevind, en mekaar bevorder.

Die vervoeging in Trichardt se taal ondersteun dus
die moontlikheid dat die Afrikaanse vormleer hoofsaaklik spon-

taan ontwikkel het. Ek het probeer aantoon in watter mate die ontwikkelingsprosesse hul oorsprong in 17de eeuse Nederlands gehad het. Die feit dat Trichardt se verwoeging, byna twee eeue na die stigting van die Kaap, nog soveel Nederlandse vorme vertoon, getuig sterk vir die moontlikheid van spontane ontwikkeling omdat die tempo van ontwikkeling dan nie so noodsaaklik ander faktore behalwe die afwesigheid van remmende invloede, vereis nie.

Die waarde van my gevolgtrekkings oor die ontwikkeling van die Afrikaanse werkwoordelike vormleer hang natuurlik daarvan af of Trichardt sy spreektaal getrou weergegee het, wat ek ongelukkig nie ^{onbetwisbaar} kan bewys nie, maar waaraan ek in 'n groot mate glo omrede die argumente ten gunste daarvan wat ek in die vorige hoofstuk aangevoer het.

B I B L I O G R A F I E.

- S. P. E. Boshoff: Volk en Taal van Suid-Afrika.
- D. B. Bosman: Afrikaans en Maleis-Portugees.
Oor die Ontstaan van Afrikaans (Tweede Druk).
- A. C. Bouman en E. C. Pienaar:
Afrikaanse Spraakkuns.
- D. C. Hesseling: Het Afrikaans. (Tweede Uitgawe).
- O. Jespersen: The Philosophy of Grammar.
- E. Kruisinga: De Oorsprong van Het Afrikaans, Taal en
Letteren, Jaargang 16.
- J. J. Le Roux: Praatjies Oor Ons Taal.
- G. A. Nauta: Taalkundige Aantekeningen naar aanleiding
van de Werken van Bredero.
- G. S. Overdiep: Moderne Nederlandsche Spraakkunst.
- D. J. Potgieter: Nuwe Afrikaanse Grammatika.
- Rijpma en Schuringa: Nederlandsche Spraakkunst.
- J. Van Ginneken: De tyden van het werkwoord, De Nieuwe Taal-
gids, Jaargang 28.
- N. van Wijk: De Nederlandsche Taal.